- (xxxv) **"pelagiese vis"** die spesies *Engraulis capensis* (ansjovis), *Sardinops sagax* (pelser, sardyn), *Trachurus trachurus capensis* (marsbanker) of *Scomber japonicus* (makriel), of enige spesie van die genus *Etrumeus* (rooi-oog of round herring) of die familie *Myctophidae* (lanternvis); (xxxiii)
- (xxxvi) **"periwinkle"** enige spesie van die genus *Littorina*, *Oxystele* of *Turbo* uitgesonderd *Turbo sarmaticus*; (xxxiv)
- (xxxvii) **"perlemoen"** die spesie *Haliotis midae*, ook algemeen bekend as abalone; (i)
- (xxxviii) **"polychaete-wurm"** enige spesie van die klas *Polychaeta*, met inbegrip van mossel-, koraal-, wonder-, bloed-, shingle-, maanskyn-, pot-, klip- of platwurm; (xxxv)
- (xxxix) **"pylinkvis"** enige spesie van die genus *Loligo*, ook algemeen bekend as tjokka of tjokka pylinkvis; (lv)
- (xl) **"rooi-aas"** die spesie *Pyura stolonifera*; (xxxix)

- (xli) **"rotsmossel"** enige spesie van die genus *Aulacomya*, *Mytilus*, *Choromytilus* of *Perna*, ook algemeen bekend as swart-, bruin- of geribte mossel; (xliii)
- (xlii) **"seekastaiing"** enige spesie van die klas *Echinoidea*, uitgesonderd 'n pansy-skulpvis; (xlviii)
- (xliii) **"seekat"** enige spesie van die genus *Octopus*; (xxx)
- (xliv) **"seekomkommer"** enige spesie van die klas *Holothuroidea*; (xlv)
- (xlv) **"seepen"** enige spesie van die orde *Pennatulacea*; (xlvii)
- (xlvii) **"seewaaier"** enige spesie van die orde *Gorgonacea*, ook algemeen bekend as seetak; (xlvii)
- (xlviii) **"siffie"** die spesie *Haliotis spadicea*, ook algemeen bekend as Venus Ear; (lii)
- (xlviii) **"skeermesgapermossel"** enige spesie van die genus *Solen*, ook bekend as penknife-, pencil- of knife-bait; (xxxviii)
- (xlix) **"skulp"** die leë skulp van 'n skulpvis; (i)
 - (i) **"skulpvis"** enige spesie van die klas *Gastropoda*, *Bivalvia*, *Scaphopoda* of *Polyplacophora*; (li)
 - (li) **"sleepehelling"** sluit in die hoof- en sysleepehelling asook 'n synchro-hyser; (liii)
 - (lii) **"span-"** of **"stelnet"** enige net wat gebruik word om die vrye deurtog van vis van een gebied na 'n ander te verhinder en wat gespan of gestel word deur—
 - (a) dit aan enige voorwerp op of onder die see vas te heg; of
 - (b) die gewigte daarvan op die seabodem te anker of te laat rus; (lvi)
 - (liii) **"stokvis"** enige spesie van die genus *Merluccius*; (xxi)
 - (liv) **"strandtrekseën"** enige net, met of sonder 'n sak of kuil, wat vanaf die strand om vis gewerp word en dan gelyktydig aan beide kante tot op die strand getrek word totdat die vangs aan wal gebring is, ook bekend as 'n treknet; (iv)
 - (lv) **"suidkuskreef"** die spesie *Palinurus gilchristi*, ook algemeen bekend as suidelike diepwater kreef; (liv)
 - (lvi) **"swaardvis"** die spesie *Xiphias gladius*; (lvii)
 - (lvii) **"treilvis"** enige spesie vis wat deur middel van 'n bodem- of midwatertreilnet gevang word; (lix)
 - (lviii) **"trekgebied"** enige gebied waar 'n strandtrekseën gebruik mag word; (lxi)
 - (lix) **"tuna"** die spesies *Allothunnus fallai*, *Euthynnus affinis*, *Gymnosarda unicolor*, *Katsuwonus pelamis*, *Sarda orientalis* of *Sarda sarda* of enige spesie van die genus *Thunnus*; (lxii)
 - (lx) **"verkoop"** sluit ook in smous, ruil, verhandel of andersins van die hand sit of om te koop aan te bied, te adverteer, uitstal of besit met die doel om te verkoop, smous, ruil, verhandel of andersins van die hand sit; (xlix)
 - (lxi) **"versteur"** enige opsetlike aksie wat die natuurlike gedragspatroon van 'n vis beïnvloed; (xiv)
 - (lxii) **"vervoer"** sluit ook in die verplasing (oorlaai) ter see van vis of visterusting van een vissersboot of vaartuig na 'n ander; (lix)

- (lxiii) "weskuskreef" die spesie *Jasus lalandii*, ook algemeen bekend as Kaapse rots- of stekelrige kreef; (lxiii)
- (lxiv) "witmossel" die spesie *Donax serra*. (lxiv)

LISENSIERING VAN VISSERSBOTE

2. (1) 'n Aansoek ingevolge artikel 30 (2) van die Wet om die uitreiking of hernuwing van 'n lisensie vir die gebruik van 'n boot as 'n vissersboot moet—

- (a) by die direkteur-generaal op die aansoekvorm soos goedgekeur deur die direkteur-generaal en wat by die Hoofdirektoraat: Seevisserye verkrygbaar is, gedoen word; en
- (b) vergesel wees van 'n geldige plaaslike algemene veiligheidsertifikaat uitgereik ten opsigte van sodanige boot ingevolge artikel 194 van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951).

(2) Die gelde soos bepaal deur die Minister, is betaalbaar ten opsigte van die uitreiking en hernuwing van 'n lisensie soos bedoel in subregulasie (1).

3. (1) Behoudens enige ander bepaling van die Wet, mag geen persoon enige vissersboot gebruik, tensy die registrasieletters en -syfers wat die direkteur-generaal daaraan toegeken het, daarop aangebring is nie.

(2) Die letters en syfers moet minstens 15 cm hoog, 10 cm breed (uitgesonderd syfer "1") en 2 cm dik (breedte van streep) wees, en in wit verf op 'n swart agtergrond of in swart verf op 'n wit agtergrond op beide kante van die boeg aangebring word. Die ruimte tussen aanliggende letters en syfers moet tussen 2 en 5 cm wees.

(3) Behoudens die bepalings van subartikel (1) moet addisionele letters en syfers in wit verf op 'n swart agtergrond of in swart verf op 'n wit agtergrond aangebring word op beide die bakboord- en stuurboordkant van die superstruktuur, op vissersbote langer as 25 meter. Sodanige letters en syfers sal minstens 50 cm hoog, 30 cm breed (uitgesonderd syfer "1") en 10 cm dik (breedte van streep) wees. Die ruimte tussen aanliggende letters en syfers moet tussen 6 en 15 cm wees.

(4) (a) Enige registrasieletters en -syfers wat aan 'n vissersboot toegeken en daarop aangebring is, moet te alle tye in 'n helder, sigbare en leesbare toestand gehou word en moet te alle tye duidelik vertoon word.

(b) Enige boei wat gebruik word om 'n werktuig in die see te merk of te hang, sal duidelik gemerk word met die naam van die vaartuig.

(5) Die registrasieletters en -syfers wat aan enige vissersboot toegeken is, mag nie sonder die skriftelike toestemming van die direkteur-generaal na 'n ander vissersboot oorgeplaas word nie of op enige ander boot gebruik, gevef of aangeheg word nie.

(6) Wanneer 'n vissersboot nie langer kragtens die bepalings van die Wet gelisensieer is nie, moet die eienaar van sodanige vissersboot binne 21 dae enige registrasieletters en -syfers van sodanige vaartuig uitwis of verwyder.

(7) Indien die eienaar van 'n gelisensieerde vissersboot sodanige vissersboot verkoop of andersins van die hand sit, sal—

- (a) in die geval waar daar voldoen is aan die vereistes van die Wet, oordraggeld soos bepaal deur die Minister betaalbaar wees; en
- (b) in die geval waar daar nie voldoen is aan die vereistes van die Wet nie, sodanige lisensie verval.

LISENSIËRING VAN PERSELE EN VISSERSBOTE WAT AS FABRIEKE GEBRUIK WORD

4. (1) 'n Aansoek ingevolge artikel 30 (2) van die Wet om die uitreiking of hernuwing van 'n lisensie vir die gebruik van 'n perseel of 'n vissersboot as 'n fabriek, moet by die direkteur-generaal op die aansoekvorm soos goedgekeur deur die direkteur-generaal en wat by die Hoofdirektoraat: Seevisserye verkrygbaar is, gedoen word.

(2) Die gelde soos bepaal deur die Minister, is betaalbaar ten opsigte van die uitreiking en hernuwing van 'n lisensie soos bedoel in subregulasie (1).

KWOTAS EN ONTGINNINGSREGTE

5. Die register van kwotas soos bedoel in artikel 23 van die Wet moet besonderhede bevat van die naam en adres van die kwotahouer, die massa van die kwota, die soort vis en die tydperk van geldigheid van die kwota, en lê ter insae vir die publiek vanaf 08:00 tot 12:00 op gewone werksdae by die sekretaris van die Kwotaraad in die kantoor van die Hoofdirekteur: Seevisserye, Kaapstad.

6. (1) 'n Aansoek om die toekenning van 'n kwota ingevolge artikel 18 (2) van die Wet moet by die Kwotaraad op die vorm soos voorgeskryf in Bylae A gedoen word. 'n Aansoek om 'n ontginningsreg ingevolge artikel 25 (2) (b) van die Wet moet by die Kwotaraad op die aansoekvorm wat by die Hoofdirektoraat: Seevisserye verkrygbaar is, gedoen word.

(2) 'n Aansoek ingevolge artikel 24 van die Wet om die oordrag van 'n kwota, moet by die Kwotaraad op die vorm wat by die Hoofdirektoraat: Seevisserye verkrygbaar is, gedoen word.

(3) 'n Aansoek ingevolge artikel 25 van die Wet om 'n ontginningsreg ten opsigte van nie-kwota spesies moet by die Minister op die aansoekvorm soos goedgekeur deur die direkteur-generaal en wat by die Hoofdirektoraat: Seevisserye verkrygbaar is, gedoen word.

(4) 'n Aansoek ingevolge artikel 25 (3) (b) van die Wet om die oordrag van 'n ontginningsreg, moet by die Minister of die Kwotaraad, na gelang van die geval, op die aansoekvorm soos goedgekeur deur die direkteur-generaal en wat by die Hoofdirektoraat: Seevisserye verkrygbaar is, gedoen word.

VISSERYBEHEERBEAMPTES EN ERE-VISSERYBEAMPTES

7. 'n Identiteitskaart, wat ingevolge artikel 5 (5) van die Wet uitgereik word aan 'n vissery-beheerbeampte, bevat die beampte se—

- (a) identiteitsnommer;
- (b) foto;
- (c) van en voorletters;
- (d) naam van die werkgewer; en
- (e) handtekening.

8. (1) 'n Ere-visserybeampte, aangestel ingevolge artikel 6 (1) van die Wet—

- (a) word hiermee bekleed met die bevoegdhede vermeld in paragrafe (b) en (d) van subartikel (1) van artikel 53 van die Wet en kan van enigiemand wat besig is om 'n daad te verrig met betrekking tot vis of visvangs waarvoor 'n permit, toestemming of vrystelling voorgeskryf word deur die Wet of hierdie Regulasies, vereis dat so 'n persoon sodanige permit, magtiging of vrystelling van die Wet aan die beampte toon;

(b) kan eis dat iemand ten opsigte van wie hy op redelike gronde vermoed dat sodanige persoon—

- (i) 'n misdryf-ingevalle die Wet of hierdie Regulasies gepleeg het; of
- (ii) oor inligting in verband met die pleeg of vermoedelike pleeg van so 'n misdryf beskik,

sy naam en adres aan hom verstrek.

(2) Indien 'n ere-visserybeampte sy bevoegdhede kragtens hierdie Regulasies uitoefen, mag hy 'n woonhuis slegs ooreenkomstig die bepalings van die Strafproseswet, 1977 (Wet No. 51 van 1977), betree of deursoek.

DIVERSE BEPALINGS BETREFFENDE DIE VANG VAN VIS

9. Behoudens die bepalings van hierdie Regulasies mag niemand—

- (a) enige kunsmatige asemhalingsapparaat, uitgesonderd 'n snorkel, gebruik terwyl hy visvang of poog om vis te vang nie;
- (b) vis deur middel van 'n haakstok, knuppel, dorsstok, stok, klip of soortgelyke instrument vang of probeer vang nie: Met dien verstande dat 'n persoon hoogstens vyf tongvissie van die orde *Pleuronectiformes* per dag met 'n spies of soortgelyke instrument vir eie gebruik mag steek of vang;
- (c) vis vang of probeer vang, deur die ruk van 'n hoek of angel in die see met die doel om dit deur die vis te haak, behalwe seekat, inkvis of pylinkvis; ook bekend as "jigging" of "snatching";
- (d) snoek *Thyrstites atun* met 'n beursseën vang, probeer vang of versteur nie;
- (e) enige tuna wat met kieuette gevang is in enige hawe of vissershawe in die Republiek aan boord hê, aan land bring of oorlaai nie;
- (f) enige koningklip deur middel van 'n fuik vang of probeer vang nie;
- (g) tussen sonder en sonop 'n gooinet vir die vang van vis gebruik nie;
- (h) wat oor 'n permit beskik wat die vang van tuna met 'n langlyn magtig, enige stokvis of koningklip vang, aan boord hê of land nie terwyl hy enige soort langlyn aan boord van die betrokke vissersboot het;
- (i) wat oor 'n permit beskik wat die vang van haaie met 'n langlyn magtig, meer as 10 stokvis en vyf koningklip vang, aan boord hê of land nie terwyl hy enige langlyn aan boord van die betrokke vissersboot het; of
- (j) enige vis of waterplant vir kommersiële doeleindes vang of versamel nie, behalwe kragtens 'n permit, of andersins soos hierna spesifiek na verwys word.

10. Niemand mag sonder die magtiging van 'n permit deur die direkteur-generaal uitgereik, enige seeperrdjie of pypvis van die familie *Syngnathidae* vang, probeer vang of versteur nie.

11. Niemand mag enige swaardvis verkoop of te koop aanbied nie: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie regulasie nie op die verkoop of te koop aanbied van swaardvisse wat deur middel van treilnette of langlyne as byvangste gevang is en wat nie 10 persent van die massa van die totale vangs mag oorskry nie en op swaardvis wat kragtens 'n permit ingevoer is, van toepassing is nie.

12. Niemand mag sonder die magtiging van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal, enige vis of vistuig ter see vanaf 'n vissersboot, vaartuig of persoon na 'n ander vissersboot, vaartuig of persoon oorlaai nie.

BEPALINGS MET BETREKKING TOT DOLFYNE EN WALVISSE

13. (1) Behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal, mag niemand—

- (a) te eniger tyd enige walvis vang, doodmaak, versteur of hinder nie;
- (b) enige fabrieksvaartuig of enige ander vissersboot of vaartuig vir die bevriesing of verwerking van walvisse gebruik of op enige wyse deelneem aan die bedryf van of aktiwiteite op so 'n vaartuig nie;
- (c) enige tuig, apparaat of toerusting wat op enige wyse gebruik kan word vir die vang, bevriesing of verwerking van walvisse aan boord van enige vissersboot of vaartuig hê nie;
- (d) enige skeepsvoorrade lewer aan enige vaartuig wat in 'n vreemde staat geregistreer is en wat gebruik word vir die vang, bevriesing of verwerking van walvisse of wat enigsins verbandhou met sodanige vang, bevriesing of verwerking nie;
- (e) op enige wyse sy dienste aanbied vir of sy kundigheid beskikbaar stel met betrekking tot enige van die aktiwiteite bedoel in paragrawe (a) tot (d)

(2) Vir die doeleindes van subregulasie (1) sluit "versteur" of "hinder" ook in—

- (a) die skiet na 'n walvis;
- (b) om enige walvis, binne 'n afstand van 300 meter te nader met behulp van 'n vaartuig, vliegtuig of ander metode;
- (c) waar 'n walvis nader as 300 meter vanaf enige vaartuig opduik, die gesagvoerder van sodanige vaartuig versuim om onmiddellik te vertrek na 'n afstand van minstens 300 meter vanaf die walvis.

Met dien verstande dat paragrawe (b) en (c) nie van toepassing is nie op enige *bona fide*-pogings van enige persoon wat hulp verleen aan 'n gestrande, vasgekeerde of verstrengeelde walvis of dolfyn nie.

14. Niemand mag sonder die skriftelike magtiging van die direkteur-generaal enige dolfyn of tornyn, doodmaak, vang, probeer doodmaak of vang, of versteur of in besit van enige dolfyn of gedeelte daarvan of 'n produk van 'n dolfyn of tornyn wees nie.

METING, LANDING EN TERUGPLASING VAN VIS IN DIE SEE

15. Alle vis moet in so 'n toestand geland word dat bepaal kan word of die vis aan die minimum groottevereiste voldoen.

16. Die bepalings van regulasie 15 is nie van toepassing op die houer van 'n permit wat vis ter see mag verwerk nie.

17. Lewende vis wat nie aan die vereistes van die Wet voldoen nie of in stryd met enige bepaling daarvan gevang is, moet onverwylde sonder besering in die see teruggeplaas word.

MASSABEPALING VAN VIS

18. (1) Die massa van pelagiese vis wat by 'n fabriek ontvang word, moet bepaal word deur 'n massameter voorsien en geïnstalleer deur die eienaar van die fabriek.

(2) 'n Massameter soos bedoel in subregulasie (1), moet geïnstalleer en gebruik word in 'n plek wat deur die direkteur-generaal goedgekeur is en aan die volgende vereistes voldoen, asook sodanige ander vereistes wat van tyd tot tyd deur die direkteur-generaal bepaal mag word—

- (a) 'n outomatiese dubbelwipbakmassameter, algemeen bekend as die "Servo Balance Duplex"-massameter; of

- (b) enige ander soortgelyke outomatiese massameter wat oor 'n outomatiese beheermeganisme beskik en wat toegerus is met voldoende stort- en weegbakinhoudsmate:

Met dien verstande dat in die geval van die massabepaling van vis of vis-produkte—

- (i) vir direkte menslike verbruik, 'n outomatiese inlyn-voerband-massameter soortgelyk aan die Avery AP 95 wat ingevolge die Wet op Handelsmetrologie, 1973 (Wet No. 77 van 1973), goedgekeur is, gebruik mag word; en
- (ii) wat op 'n ongereelde basis of in klein hoeveelhede ontvang word, sodanige vis of visprodukte se massa op 'n wyse wat deur die direkteur-generaal goedgekeur is, bepaal mag word.

(3) Die massameter moet op sodanige wyse en plek geïnstalleer word en van sodanige aard wees dat—

- (a) geen vis verby dit kan beweeg sonder dat die massa daarvan bepaal en aangeteken word deur die massameter nie;
- (b) die massabepalingskapasiteit van die massameter mag nie minder wees as die maksimum aflaai-kapasiteit vanuit die vissersboot nie;
- (c) die afvoerspoed van vis of vispartikels moet van sodanige aard wees dat opstapeling of ophoping vermy word;
- (d) die ontwerp en konstruksie van die toevoerstelsel moet van sodanige aard wees dat vis en/of vispartikels nie van die toevoerstelsel afval nie maar regstreeks na die massameter vervoer sal word;
- (e) daar tydens die werking daarvan geen toegang tot die meganisme van sodanige massameter is nie;
- (f) die meganisme en aflesingskaal van die massameter sigbaar is; en
- (g) die massameter behoorlik verseël moet wees, terwyl dit vir massabepaling gebruik word.

19. (1) Vir doeleindes van regulasies 18 (3) (g) en 61 (b) word 'n massameter geag behoorlik verseël te wees indien dit verseël is deur—

- (a) 'n persoon wat geregistreer is by die Tak Handelsinspeksies van die Departement van Handel en Nywerheid, en in diens is van die persoon wat die massameter verskaf of onderhou; of
- (b) 'n gemagtigde beampte van daardie Departement.

(2) Niemand behalwe die gemagtigde persoon genoem in subregulasie 1 (a) of 1 (b) mag peuter met die seël, meganisme of werking van 'n massameter nie.

VISTUIG

20. Behoudens die bepalings van die Wet mag niemand—

- (a) (i) 'n midwatertreilnet, bodemtreilnet, beursseën, balktreilnet of enige langlyn aan boord van 'n vissersboot of vaartuig hê of gebruik nie, tensy hy die houer is van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal en onderworpe aan die betaling van die gelde soos bepaal deur die Minister;
- (ii) 'n kieu-net of dryfnet met 'n maasgrootte van meer as 64 mm (gemeet van binnekant van knoop of lasplek tot binnekant van knoop of lasplek) wanneer dit gespan is, aan boord 'n vissersboot of vaartuig hê of vir visvang gebruik nie, insluitend 'n persoon aan boord 'n vreemde vaartuig wat by 'n hawe in die Republiek aandoen;

- (b) 'n strandtrekseën of 'n span-, stel-, dryf- of kieunet aan boord van 'n vissersboot of vaartuig hê of gebruik nie, tensy—
 - (i) hy die houer is van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal onderworpe aan die betaling van die gelde soos bepaal deur die Minister;
 - (ii) die merkplaat wat die direkteur-generaal daaraan toegeken het op sodanige net aangebring is; en
 - (iii) die net gebruik word soos omskryf in regulasie 1;
- (c) vir doeleindes van visvang 'n net of netwerk bo-oor of bo-op enige net of gedeelte van 'n net aanbring nie;
- (d) 'n net of netwerk met 'n maas van minder as 28 mm (gemeet van binnekant van knoop of lasplek tot binnekant van knoop of lasplek) wanneer dit gespan is, dit wil sê met skakels van 14 mm, vir die vang van pelagiese vis op enige vissersboot hê of vir visvang gebruik nie: Met dien verstande dat die verbod in hierdie paragraaf nie van toepassing is nie ten opsigte van enige beursnet waarvan die gebruik gemagtig is om daarmee pelagiese vis te vang—
 - (i) vir direkte menslike verbruik, inmaak of die vervaardiging van vismeel of visolie;
 - (ii) vir verkoop aan enige persoon vir direkte menslike verbruik, inmaak of die vervaardiging van vismeel of visolie; of
 - (iii) vir gebruik as lewendige aas vir die vang van tuna;
- (e) 'n dryfnet met 'n maasgrootte van minder as 44 mm of meer as 64 mm (gemeet van binnekant van knoop of lasplek tot binnekant van knoop of lasplek) wanneer dit gespan is, vir visvang gebruik nie; of
- (f) 'n strandtrekseën met 'n maasgrootte van minder as 44 mm (gemeet van binnekant van knoop of lasplek tot binnekant van knoop of lasplek) wanneer dit gespan is, of met skakels van 22 mm, vir visvang gebruik nie.

21. (1) Die maasgroottes van nette, uitgesonderd treilnette, moet ongeag of die net nat of droog is, met 'n wigvormige plat meetinstrument met 'n dikte van 2 mm gemeet word.

(2) Die meting geskied deur die meetinstrument deur enige maas van die betrokke net te steek en die instrument moet vrylik deur sodanige maas kan beweeg sonder dat enige druk uitgeoefen word.

(3) Die maasgrootte van die net is gelyk aan die gemiddelde van die afmetings van 'n reeks van minstens 20 opeenvolgende mase.

22. (1) Niemand mag, tensy hy die houer is van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik is—

- (a) 'n bodemtreil- of midwatertreilnet waarvan die maasgrootte in enige gedeelte van die net minder as 75 mm is, gemeet volgens die metode in subregulasie (2) voorgeskryf, op 'n vissersboot aan boord hê of gebruik nie;
- (b) 'n bodemtreil- of midwatertreilnet waarvan die maasgrootte in enige deel van die net minder as 110 mm, gemeet volgens die metode in subregulasie (2), voorgeskryf, in die gebied wes van 20° oos lengtegraad gebruik nie; of
- (c) enige toestel wat die maas van 'n bodemtreil- of midwatertreilnet tydens visvangste kan versper aan boord van 'n vissersboot hê of gebruik nie: Met dien verstande dat seil, netwerk of ander materiaal aan die onderkant buite die sak-end van 'n bodemtreilnet geheg mag word ten einde skade daaraan te verhoed of te verminder.

(2) (a) Die maasgrootte van 'n net bedoel in subregulasie (1) moet met 'n plat wigvormige meetinstrument met 'n dikte van hoogstens 2 mm gemeet word terwyl die net nog nat is na gebruik of nadat dit minstens 10 minute lank in seewater geweek is.

(b) Die meting moet geskied deur die meetinstrument in 'n maas van die net te steek en 'n lesing moet geneem word terwyl die instrument aan 'n trek- of drukkrag van 5 kg onderworpe is; die lesings moet aan die breedste kant van die meetinstrument geneem word.

(c) Die maasgrootte van die net is gelyk aan die gemiddelde van die afmetings van 'n reeks van minstens 20 opeenvolgende mase wat in ooreenstemming met paragraaf (b) gemeet is wat minstens 10 mase van die omboorsels van die net verwyder is.

(d) Wanneer die sak-end van die net gemeet word, moet die reeks van 20 opeenvolgende mase parallel loop met die lengte van die sak-end.

23. Die gesagvoerder van 'n vissersboot moet rekord hou van elke vangs met 'n bodem- of midwatertreilnet, op die vorms wat deur die Hoofdirektoraat: Seevisserye voorsien word.

TREIL: STOPTEKENS EN INSPEKSIE

24. 'n Vissersboot wat toegerus is met 'n bodem- of midwatertreilnet sal stop wanneer die toepaslike sein voorgeskryf in regulasie 25 gegee word deur enige vaartuig wat 'n wimpel afgekwart in geel en blou met geel teen die boonste ophyskant en geel teen die oorhoekse onderste kant van die vlagsoom met die letters "SE" in blou of swart in die geel kwart van die boonste ophyskant, voer: Met dien verstande dat 'n vissersboot wat werklik besig is met treil, nette aflaaf of optrek, en wat beveel word om te stop, slegs sodanige bevel hoef te gehoorsaam sodra die betrokke treilaksie voltooi is.

25. Vir die toepassing van artikel 53 (1) (e) van die Wet—

- (a) is die stopsein gedurende die dag vlag "L" van die Internasionale Kode, wat op 'n duidelike sigbare plek in die touwerk van die vaartuig wat sein, moet wapper;
- (b) is die stopsein gedurende die nag letter "L" van die alfabet wat duidelik en aanhoudend deur die vaartuig wat sein deur middel van 'n wit lig in Morsekode geflits moet word.

26. Die gesagvoerder van 'n vissersboot wat besig is met of toegerus is vir bodemtreil of midwatertreil—

- (a) moet 'n visserybeheerbeampte en 'n getuie aan boord van 'n vaartuig wat die wimpel soos bedoel in regulasie 25 (a) voer of die sein soos bedoel in regulasie 25 (b) flits, toelaat en bystaan om aan boord van sy vissersboot te kom en die beampte behulpsaam wees met die inspeksie van enige vangs aan boord, nette, visvangtoerusting en die in regulasie 23 bedoelde rekord;
- (b) moet 'n verslag wat deur die visserybeheerbeampte voltooi is, teken en 'n afskrif daarvan hou;
- (c) mag opmerkings wat hy nodig ag in sodanige verslag van die visserybeheerbeampte aanbring en moet die opmerkings onderteken;
- (d) moet 'n visserybeheerbeampte toelaat en bystaan om 'n identifikasiemerk met die inskripsie "SE" aan enige net of netwerk aan te bring en om die net of netwerk op so 'n wyse te fotografeer dat die identifikasiemerk en die afmeting van die maas sigbaar is; en
- (e) mag die net of netwerk waaraan sodanige identifikasiemerk deur 'n visserybeheerbeampte aangebring is slegs vir visvang gebruik nadat dit ondersoek is en die identifikasiemerk deur die visserybeheerbeampte verwyder is.

GEBIEDSBEPERKINGS: TREIL EN BEURSNET

27. (1) Niemand mag vir die vang van vis of vir enige ander doel enige treilnet in die volgende gebiede gebruik nie:

- (a) aan die landwaartse of noordelike kant van 'n reguit lyn wat Kaap Vacca en die vuurtoring op Kaap St Blaize verbind;
- (b) aan die landwaartse of noordelike kant van 'n reguit lyn wat die vuurtoring op Kaap St Blaize en Gerickepunt verbind;
- (c) binne die sektor van 'n sirkel wat gevorm word deur die lyne omskryf onder paragrawe (a) en (b) hierbo as sygrense, en die boog van 'n sirkel met 'n straal van 1,5 seemyl, met die vuurtoring op Kaap St Blaize as middelpunt, as die suidelike of seewaartse grens;
- (d) seewaarts vanaf die laagwatermerk in die gebied begrens deur 'n lyn (ware peiling 160°) getrek vanaf die Sondagsriviermond en 'n lyn (ware peiling 48°) getrek vanaf die Donkinreserwevuurtoring tot die snypunt van eg. lyn;
- (e) landwaarts vanaf 'n reguitlyn getrek vanaf Cape Seal vuurtoring tot by die westelike wal van die monding van die Bloukransrivier;
- (f) landwaarts vanaf 'n reguit lyn getrek vanaf Kaap St Francis-punt tot by die vuurtoring te Kaap Recife; en
- (g) landwaarts vanaf 'n lyn (ware peiling 084°) getrek vanaf die vuurtoring te Kaap Infanta tot by die baken gemerk K2, geleë te Kaap Barracouta.

(2) Tensy skriftelike magtiging van die direkteur-generaal verkry is mag niemand enige treilnet gebruik binne 'n afstand van vyf seemyl seewaarts gemeet vanaf die hoogwatermerk in die gebied begrens deur 'n lyn (ware peiling 180°), getrek vanaf die Kaappuntvuurtoring en 'n lyn getrek by die grens tussen die Republiek en Namibië, teenoor die mond van die Oranjerivier (ware rigting ongeveer 234°) soos aangedui op seekaart SAN FZ1.

(3) Niemand mag enige beursnet gebruik nie binne 'n afstand van een seemyl seewaarts vanaf die hoogwatermerk in die gebied begrens deur 'n lyn (ware peiling 000°) getrek vanaf die vuurtoring te Stompneuspunt en 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die monding van die Bokramrivier.

(4) Niemand mag—

- (a) enige beursnet gebruik binne Walkerbaai in die gebied landwaarts van 'n denkbeeldige lyn getrek vanaf Voorsteklip op Die Plaat tot by die baken gemerk M1 te Mudgepunt, naby Hawston;
- (b) sonder die magtiging van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word, enige beursnet in Walkerbaai gebruik in die gebied wat omsluit word deur twee denkbeeldige lyne wat getrek word vanaf Voorsteklip op die Plaat tot by die baken gemerk M1 te Mudgepunt, naby Hawston, en vanaf die vuurtoring op die suidelike golfbreker in die vissershawe te Gansbaai tot by die baken gemerk M1 te Mudgepunt; en
- (c) gedurende die tydperk vanaf 1 tot 31 Januarie en vanaf 1 tot 31 Desember van enige jaar 'n beursnet gebruik binne Walkerbaai, landwaarts van 'n lyn getrek vanaf die vuurtoring op die suidelike golfbreker in die vissershawe te Gansbaai tot by die baken gemerk M1 te Mudgepunt.

VANGS VAN VIS MET STRANDTREKSEËNS EN DRYFNETTE EN GEBIEDSBEPERKINGS VAN TOEPASSING DAAROP

28. (1) Niemand mag—

- (a) 'n dryfnet teenoor enige trekgebied binne 'n afstand van twee seemyl seewaarts gemeet vanaf die hoogwatermerk, gebruik nie;
- (b) 'n vaartuig anker of 'n versperring in 'n trekgebied plaas op 'n wyse wat die gebruik van strandtrekseëns mag belemmer wanneer sodanige treknetvisserij beoefen word nie; en
- (c) 'n span- of stelnet gebruik tensy hy daartoe gemagtig is deur 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal.

(2) Vir doeleindes van paragraaf (a) van subregulasie (1) sluit "trekgebied" die volgende in:

- (a) Die gebied tussen die fabriek van Paternoster Visserij Beperk en die eindpunt van Paternosterbaai, bekend as Groot Paternosterpunt;
- (b) Britanniabaai en Shellbaai, in die afdeling Malmesbury, tussen 'n lyn (ware peiling 000°) getrek vanaf Kaap St Martin, as westelike grens, en 'n soortgelyke lyn getrek vanaf die vuurtoring te Stompneuspunt, as oostelike grens; en
- (c) die strandgebied by Houtbaai in die afdeling Wynberg.

29. (1) Niemand mag tensy hy gemagtig is daartoe deur 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word, enige dryf-, span- of stelnet vir die vang van vis gebruik nie—

- (a) binne 'n afstand van 500 meter seewaarts gemeet vanaf die hoogwatermerk in die gebied begrens deur 'n lyn (ware peiling 000°), getrek vanaf die baken gemerk D.R., geleë op die restant van Wilde Varkens Vallei A, reg suid van "Doctor's Reef", en 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die punt van Kaap Deseada te Elandsbaai;
- (b) binne 'n afstand van drie seemyl seewaarts, gemeet vanaf die hoogwatermerk in die gebied begrens deur 'n lyn (ware peiling 270°) vanaf die Kaappuntvuurtoring, tot by 'n soortgelyke lyn (ware peiling 270°) vanaf die baken SH1 wat op die punt bekend as "South Head", Saldanhabaai, geleë is; en
- (c) binne 'n afstand van ses seemyl seewaarts gemeet vanaf die hoogwatermerk in die gebied begrens deur 'n reguit lyn (ware peiling 180°) getrek vanaf die vuurtoring te Kaap Hangklip en 'n soortgelyke lyn getrek van die vuurtoring te Kaap St Blaize.

(2) Niemand mag enige span- of stelnet vir die vang van vis gebruik nie—

- (a) binne 'n afstand van 500 meter seewaarts, gemeet vanaf die hoogwatermerk in die gebied wat aan die westekant begrens word deur 'n reguit lyn getrek vanaf bakens wat onderskeidelik S.H.B.W.1 en S.H.B.2 gemerk en op Stompneuspunt geleë is, en aan die oostekant begrens word deur 'n soortgelyke lyn getrek vanaf 'n baken gemerk S.H.B.E. en 'n baken gemerk D.R., en wat beide op die restant van Wilde Varkens Vallei A, reg suid van "Doctor's Reef" geleë is; en
- (b) binne 'n afstand van drie seemyl seewaarts gemeet vanaf die hoogwatermerk in die gebied begrens deur 'n reguit lyn (ware peiling 270°), vanaf die punt van Kaap Deseada te Elandsbaai, en 'n soortgelyke lyn vanaf die mond van die Oranjerivier.

LYNVIS EN PELAGIESE VIS: GESLOTE SEISOENE

30. Behalwe op gesag van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word, mag niemand enige van die volgende soorte vis gedurende die tydperk genoem vir elk, vang, probeer vang, versteur, beheer, bewaar of in besit wees van, nie—

- (a) elf (shad) (*Pomatomus saltatrix*)—1 September tot en met 30 November van enige jaar, beide datums inklusief;
- (b) galjoen (*Dichistius capensis*)—15 Oktober in een jaar tot en met 28 Februarie van die daaropvolgende jaar, beide datums inklusief;
- (c) pelagiese vis—1 November in een jaar tot en met 14 Januarie van die daaropvolgende jaar, beide datums inklusief;
- (d) vier-en-sewentig (*Polysteganus undulosus*)—1 September tot en met 30 November van enige jaar, beide datums inklusief;
- (e) tjokka (*Loligo vulgaris reynaudii*)—25 Oktober tot 22 November van enige jaar, beide datums ingesluit.

LYNVIS: GROOTTEBEPERKINGS

31. Behalwe op gesag van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word—

- (a) mag niemand, uitgesonderd die houer van 'n permit om 'n bodemtreilnet of midwatertreilnet te gebruik, enige van die volgende vissoorte wat kleiner is as die grootte wat vir die betrokke soort aangegee word, gemeet vanaf die punt van die snuit tot by die uiterste punt van die stert, vang of in besit daarvan wees nie:

Bruin hottentot (*Pachymetopon grande*): 30 cm

Dageraad (*Chrysoblephus cristiceps*): 30 cm

Dassie (blacktail, kolstert) (*Diplodus sargus capensis*): 20 cm

Elf (shad) (*Pomatomus saltatrix*): 30 cm

Galjoen (*Dichistius capensis*): 35 cm

Geelbek (*Atractoscion aequidens*): 60 cm

Geelpens-klipkabeljou (*Epinephelus gauza*): 40 cm

Gespikkelde klipkabeljou (*Epinephelus andersoni*): 40 cm

Gespikkelde-knorder (*Pomadasys commersonnii*): 40 cm

Hottentot (*Pachymetopon blochi*): 22 cm

Kaapse stompneus (*Rhabdosargus holubi*): 20 cm

Kabeljou (*Argyrosomus* spp. uitgesonderd *A. thorpei*): 40 cm

Leervis (garrick) (*Lichia amia*): 70 cm

Mosselkraker (*Sparodon durbanensis*): 60 cm

Natalse stompneus (*Rhabdosargus sarba*): 25 cm

Poenskop (swart steenbras/mosselkraker) (*Cymatoceps nasutus*): 50 cm

Rooiroman (daggerhead) (*Chrysoblephus laticeps*): 30 cm

Rooisteinbras (*Petrus rupestris*): 40 cm

Rooistompneus (*Chrysoblephus gibbiceps*): 30 cm

Silwervis (carpenter) (*Argyrozona argyrozona*): 25 cm

Skotsman (*Polysteganus praeorbitalis*): 30 cm

Slimjannie (*Acanthopagrus berda*): 25 cm

Slinger (*Chrysoblephus puniceus*): 25 cm

Snoek (*Thyrstites atun*): 60 cm

Stompstertkabeljou (*Argyrosomus thorpei*): 35 cm

Strepie (*Sarpa salpa*): 15 cm

Vier-en-sewentig (*Polysteganus undulosus*): 40 cm
 Weskussteenbras (*Lithognathus aureti*): 40 cm
 Witpensklipkabeljou (*Epinephelus albomarginatus*): 40 cm
 Witsteenbras (*Lithognathus lithognathus*): 60 cm
 Witstompneus (*Rhabdosargus globiceps*): 25 cm
 Wittevis (santer) *Cheimerius nufar*: 30 cm
 Zebra (*Diplodus cervinus hottentotus*): 30 cm

- (b) mag niemand enige van die volgende vissoorte met 'n kleiner heelmassa as die massa wat hieronder aangedui is, vang en behou, in beheer of in besit daarvan wees nie:

Geelvintuna (*Thunnus albacares*): 3,2 kg
 Blouvintuna (*Thunnus thynnus thynnus*): 6,4 kg
 Grootoogtuna (*Thunnus obesus*): 3,2 kg
 Swaardvis (*Xiphias gladius*): 25,0 kg

LYNVIS: SAKBEPERKINGS

32. (1) Die kritieke lys sal uit die volgende spesies bestaan:

Aartappelbaars (*Epinephelus tukula*)
 Briekwabaars (*Promicrops lanceolatus*)
 Natalse lipvis (*Anchichoerops natalensis*)
 Poenskop (swart steenbras/mosselkraker) (*Cymatoceps nasutus*)
 Rooisteinbras (*Petrus rupestris*)
 Saagvisse (*Pristidae*)
 Vier-en-Sewentig (*Polysteganus undulosus*)
 Witdoodhaai (*Carcharodon carcharias*)

(2) Niemand mag sonder magtiging van 'n permit deur die direkteur-generaal uitgereik, enige witdoodhaai (*Carcharodon carcharias*) vang, doodmaak, probeer vang, doodmaak of bewaar, beheer of besit nie: Met dien verstande dat indien sodanige haai onopsetlik gevang en gedood is, dit so gou moontlik aan 'n visserybeheerbeampte oorhandig moet word.

(3) Niemand mag enige witdoodhaai (*Carcharodon carcharias*) of enige deel daarvan of enige produk daarvan koop, verkoop of te koop aanbied nie.

(4) Niemand mag enige van die volgende spesies wat op die kritieke lys voorkom vang, probeer vang, versteur, aan land bring of in besit daarvan wees of verkoop nie:

Aartappelbaars (*Epinephelus tukula*)
 Briekwabaars (*Promicrops lanceolatus*)
 Natalse lipvis (*Anchichoerops natalensis*)
 Saagvisse (*Pristidae*)

(5) Niemand op 'n vissersboot waarvan die eienaar 'n algemene kommersiële lynvisvangspermit of algemene semi-kommersiële lynvisvangspermit hou, of op enige vaartuig wat nie as 'n vissersboot gelisensieer is nie, of met die gebruik van 'n pylgeweer, of van die strand met die gebruik van 'n hoek en lyn, mag op enige dag, meer as twee visse van die volgende spesies wat op die kritieke lys voorkom, vang, probeer vang of in besit daarvan wees nie:

Poenskop (swart steenbras/mosselkraker) (*Cymatoceps nasutus*)
 Rooisteinbras (*Petrus rupestris*)
 Vier-en-sewentig (*Polysteganus undulosus*)

(6) Die beperkte lys sal uit die volgende spesies bestaan:

Blou hottentot (copper bream) (*Pachymetopon aeneum*)
 Bludger (kingfish) (*Carangoides gymnostethus*)
 Dageraad (*Chrysoblephus cristiceps*)
 Deen (*Porcostoma dentata*)
 Elf (shad) (*Pomatomus saltatrix*)
 Engelsman (*Chrysoblephus anglicus*)
 *Klipkabeljoue (groupers) (Familie *Serranidae*)
 Roman (*Chrysoblephus laticeps*)
 Rooistompneus (Miss Lucy) (*Chrysoblephus gibbiceps*)
 Skotsman (*Polysteganus praeorbitalis*)
 Slinger (*Chrysoblephus puniceus*)
 Weskussteenbras (*Lithognathus aureti*)
 Zebra (wildeperd) (*Diplodus cervinus hottentotus*)

(7) 'n Persoon op 'n vissersboot waarvan die eienaar 'n algemene kommersiële lynvisvangs permit hou, mag op enige dag 'n onbeperkte hoeveelheid vis van die spesies wat op die beperkte lys voorkom vang, probeer vang, aan land bring, beheer, bewaar of in besit daarvan wees: Met dien verstande dat niemand meer as vyf elf (shad) in die see oos van 'n reguit lyn (ware peiling 139°) getrek vanaf die mond van die Groot Kei rivier mag vang, probeer vang, aan land bring, beheer, bewaar of in besit daarvan wees nie.

(8) Niemand op 'n vissersboot waarvan die eienaar 'n algemene semi-komersiële lynvisvangspermit hou, of op enige vaartuig wat nie as 'n vissersboot gelisensieer is nie, met die gebruik van 'n pylgeweer, of van die strand met die gebruik van 'n hoek en lyn, mag op enige dag in totaal meer as vyf visse van die spesies wat op die beperkte lys voorkom vang, probeer vang, aan land bring, beheer, bewaar of in besit daarvan wees nie.

(9) Die ontginbare lys sal uit die volgende spesies bestaan:

Blouvel (trawl soldier) (*Polysteganus caeruleopunctatus*)

Dorado (dolphinfish) (*Coryphaena hippurus*)

* Elasmobranchii (Subklas *Elasmobranchii*), (die witdoodhaai *Carcharodon carcharias*, skeurtandhaai *Carcharodon taurus*, skerptand-hondhaai *Triakis megalopterus*, streep kathaai *Poroderma africanum* en luiperd kathaai *Poroderma pantherinum* uitgesluit)

Geelbek (Cape salmon) (*Atractoscion aequidens*)

Gespikkelde katonkel (queen mackerel) (Natal snoek) (*Scomberomorus plurilineatus*)

Hottentot (*Pachymetopon blochii*)

Kaapse knorhaan (Cape sea robin) (*Chelidonichthys capensis*)

Kaapse snoek (*Thyrsites atun*)

Kaapse geelstert (*Seriola lalandi*)

Kabeljou (salmon, daga) (*Argyrosomus* sp. uitgesonderd *A. thorpei*)

Katonkel (king mackerel, couta) (*Scomberomorus commerson*)

Panga (*Pterogymnus laniarius*)

Red tjor-tjor (sand soldier) (*Pagellus berlotti natalensis*)

Santer (soldier) (*Cheimerius nufar*)

Silwervis (carpenter) (*Argyrozona argyrozona*)

Snapperkob (*Otolithes ruber*)

Spies-knorder (*Pomadasys kaakan*)

Stokvis (hake) (*Merluccius capensis* en *M. paradoxus*)

Stompstert-kob (*Argyrosomus thorpei*)

* Tunas (tunny) (*Thunnus* spp.)

Witstompneus (*Rhabdosaargus globiceps*)

plus alle ander spesies, wat nie op die kritieke, beperkte, ontginbare, ontspannings- en aaslyste voorkom nie.

(10) Enige persoon op 'n vissersboot waarvan die eienaar 'n algemene kommersiële lynvisvangspermit of 'n algemene semi-kommersiële lynvisvangspermit hou, mag op enige dag 'n onbeperkte hoeveelheid vis van die spesies wat op die ontginbare lys voorkom vang, probeer vang, aan land bring, beheer, bewaar of in besit daarvan wees.

(11) Niemand op enige vaartuig wat nie as 'n vissersboot gelisensieer is nie, met die gebruik van 'n pylgeweer, of van die strand met die gebruik van 'n hoek en lyn, mag op enige dag in totaal meer as tien visse van die spesies wat op die ontginbare lys voorkom vang, probeer vang, aan land bring, beheer, bewaar of in besit daarvan wees nie.

(12) Die ontspanningslys sal uit die volgende spesies bestaan:

Baardmanne (bellman, tasselfish) (*Umbrina rhonchus* en *Umbrina canariensis*)

Band-galjoen (*Coracinus multifasciatus*)

Bruin hottentot (bluefish) (*Pachymetopon grande*)

Dassie (*Diplodus sargus capensis*)

Galjoen (*Dichistius capensis*)

Gespikkelde knorder (spotted grunter, tiger) (*Pomadasys commersonnii*)

Grootkol pompano (moony, wave garrick) (*Trachinotus botla*)

Janbruin (*Gymnocrotaphus curvidens*)

Kaapse kraaibek (*Oplegnathus conwayi*)

Kaapse stompneus (*Rhabdosargus holubi*)

* Koningsvisse (genera *Caranx* en *Carangoides* uitgesonderd bludger *Carangoides gymnostethus*)

Leervis (garrick) (*Lichia amia*)

Luiperd kathaai (*Poroderma pantherinum*)

Natal kraaibek (*Oplegnathus robinsoni*)

Natal stompneus (yellowfin bream) (*Rhabdosargus sarba*)

Rivier-snapper (rock salmon) (*Lutjanus argentimaculatus*)

Skerptand-hondhaai (*Triakis megalopterus*)

Skeurtandhaai (*Carcharodon taurus*)

Streep kathaai (*Poroderma africanum*)

Slimjannie (perch) (*Acanthopagrus berda*)

* Snaelvisse (marlin, sailfish) (Familie *Istiophoridae*)

Springer (ten pounder) (*Elops machnata*)

Stinkvis (stonebream) (*Neoscorpis lithophilus*)

Suidelike pompano (*Trachinotus africanus*)

Swaardvis (*Xiphias gladius*)

Wit biskop (white musselcracker) (*Sparodon durbanensis*)

Witsteenbras (pignose grunter) (*Lithognathus lithognathus*)

(13) Niemand op 'n vissersboot waarvan die eienaar 'n algemene kommersiële lynvisvangspermit of algemene semi-kommersiële lynvisvangspermit hou, of op enige vaartuig wat nie as 'n vissersboot gelisensieer is nie, met die gebruik van 'n pylgeweer, of van die strand met die gebruik van 'n hoek en lyn, mag op enige dag meer as tien visse in totaal van die spesies wat op die ontspanningslys voorkom, vang, probeer vang, aan land bring, beheer, bewaar of in besit daarvan, wees nie: Met dien verstande dat geen persoon meer as vyf visse van enige van die spesies wat op die lys voorkom, mag vang, probeer vang, aan land bring, beheer, bewaar of in besit daarvan wees nie.

(14) Behalwe kragtens 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word, wat spesifiek die verkoop van spesies op dié lys magtig, mag geen vis van die spesies wat op die ontspanningslys voorkom, verkoop of te koop aangebied word nie.

(15) Die aaslys sal uit die volgende spesies bestaan:

- * Ansjovis (Familie *Engraulidae*)
Fransmadam (Karel grootoog) (*Boopsoidea inornata*)
- * Glasvisse (Familie *Ambissidae*)
- * Harders (Familie *Mugilidae*)
- * Haarstert (cutlass fish) (*Trichiurus lepturus*)
- * Halfbekke (Familie *Hemiramphidae*)
Marsbanker (horse mackerel) (*Trachurus trachurus capensis*)
Makriel (*Scomber japonicus*)
- * Naaldvisse (Familie *Belonidae*)
- * Sardyne (pilchard, rooi-oog) (Familie *Clupeidae*)
- * Sauries (familie *Scomberesocidae*)
- * Skadvisse (*Decapterus* spp.)
Steentjie (*Spondyllosoma emarginatum*)
Strepie (karanteen) (*Sarpa salpa*)
Varkie (piggy) (*Pomadasys olivaceum*)
Wolfharing (*Chirocentrus dorab*)

(16) 'n Persoon op 'n vissersboot waarvan die eienaar 'n algemene kommersiële lynvisvangspermit of algemene semi-kommersiële lynvisvangspermit hou, of op enige vaartuig wat nie as 'n vissersboot gelisensieer is nie, met die gebruik van 'n pylgeweer, of van die strand met die gebruik van 'n hoek en lyn, mag 'n onbeperkte hoeveelheid van die spesies wat op die aaslys voorkom, vang, probeer vang, aan land bring, beheer, bewaar en in besit daarvan wees.

(17) Die lynvis wat met 'n **asterisk** gemerk is op die beperkte, ontginbare, ontspannings- en aaslyste, sluit al die spesies van die algehele genus, familie of subklas in.

PATAGONIAN TOOTHFISH EN ANDER DIEPWATER ANTARKTIESE SPESIES

33. (1) Behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal en onderworpe aan die voorwaardes deur hom in die permit bepaal, mag niemand enige van die volgende spesies vang, probeer vang, aan land bring, verkoop, te koop aanbied of in besit daarvan wees nie:

- Orange Roughy (*Hoplostethus* spp. met ingebrip van *H. atlanticus* and *H. mediterraneus* silver roughy)
- Oreo Dories (familie *Oreosomatidae* met inbegrip van *Pseudocyttus maculatus*, *Allocyttus niger*, *A. verrucosus*, *A. guineensis*, *Neocyttus rhomboidalis* en *Oreosoma atlanticum*)

Alfonsino (familie *Berycidae* met inbegrip van *Beryx splendens* alfonsino en *B. decadactylus* langvin beryx)

Patagonian Toothfish (*Dissostichus eleginoides* and *Dissostichus mawsonii*)

Kardinaalvisse (diepwater kardinale) (subfamilie *Epigonidae*)

Wrakvis (*Polyprion americanus*)

(2) Niemand mag enige van die vis soos vermeld in subregulasie (1) of produkte daarvan van iemand anders verkry of aan iemand anders lewer nie, tensy 'n faktuur soos bedoel in subregulasie (3) ten opsigte van sodanige vis of produkte daarvan deur die persoon wat dit lewer, uitgereik word aan die persoon wat die verkry: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subregulasie nie van toepassing is op die lewering aan en die verkryging deur 'n persoon vir hom of haar eie gebruik nie.

(3) 'n Faktuur, uitgereik ingevolge subregulasie (2), moet minstens 12 maande lank deur die persoon aan wie dit uitgereik is, gehou word en moet minstens die volgende besonderhede bevat—

- (a) naam en adres van leweransier;
- (b) datum van lewering; en
- (c) hoeveelheid of massa vis of produkte daarvan wat gelewer is.

LYNVISVANGS: ALGEMEEN

34. (1) Behoudens die bepalings in regulasie 32 mag niemand, behalwe op gesag van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word aan die eienaar van 'n vissersboot, enige vis vanaf sodanige boot vang of probeer vang met behulp van 'n hoek en lyn, hetsy in die hand vasgehou of aan 'n stok en/of katrol of soortgelyke werktuig nie.

(2) 'n Permit soos bedoel in subregulasie (1), afgesien van enige ander voorwaarde wat die direkteur-generaal mag stel—

- (a) word uitgereik vir—
 - (i) algemene kommersiële lynvisvangs (A-permit);
 - (ii) algemene semi-kommersiële lynvisvangs (B-permit);
 - (iii) tunavangs (T-permit);
 - (iv) pylinkvisvangs (C-permit); en
 - (v) haaivangste (L-permit);
- (b) sal slegs geldig wees ten opsigte van die vissersboot wat in die permit vermeld word;
- (c) moet die maksimum aantal bemanningslede spesifiseer wat vanaf sodanige vissersboot mag werk; en
- (d) word slegs uitgereik na betaling van die gelde soos bepaal deur die Minister.

(3) Behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal, mag niemand enige lynvis genoem in regulasie 34 of enige pylinkvis verkoop of te koop aanbied nie: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie van toepassing is op die verkoop en te koop aanbied van lynvis of pylinkvis gevang ingevolge 'n permit uitgereik kragtens subregulasie (1) of op lynvis of pylinkvis wat ingevoer is nie.

(4) Nieteenstaande enige ander bepaling in die Wet, mag niemand enige elf (shad) in die Provinsie van KwaZulu-Natal verkoop, te koop aanbied of op enige ander wyse daarmee handel dryf nie, behalwe kragtens 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal.

(5) Niemand mag enige lynvis of pylinkvis met die gebruik van 'n vissersboot in die gebied seewaarts van die hoogwatermerk tussen 'n lyn (ware peiling 139°) vanaf die monding van die Groot-Keirivier getrek en 'n soortegelyke lyn van die monding van die Mtamvunarivier provinsie Oos-Kaap, getrek, vang of probeer vang, behalwe die houer van 'n permit soos bedoel in subregulasie (1) wat hom of haar magtig om van Mzamba-strand in die landdrosdistrik Bizana, die munisipale gebied van Port St Johns, die monding van die Mapuzi-rivier in die landdrosdistrik Mqunduli, of die monding van die Qora-rivier in die landdrosdistrik Willowvale, te opereer.

(6) Nie meer as drie vissersbote sal gemagtig word om te opereer van 'n plek in subregulasie (5) genoem nie.

(7) Die houer van 'n permit uitgereik ingevolge subregulasie (1) waarvolgens hy gemagtig word om te opereer van 'n plek vermeld in subregulasie (5), mag nie die vissersboot soos in die permit gespesifiseer gebruik—

- (a) om vis op enige plek, behalwe by die landingsplek soos vermeld in die permit, teen die kuslyn genoem in subregulasie (5) aan land te bring nie, behalwe waar so 'n landing die gevolg van onvoorsiene noodtoestand is; of
- (b) om vis te vang of probeer vang buite die gebied in subregulasie (5) vermeld nie.

SKULPVIS, ROOI-AAS EN ANDER ONGEWERWELDE VIS

35. (1) Behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal, mag niemand enige ongewerwelde vis vang, probeer vang, versteur, behou, beheer of besit: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie regulasie nie van toepassing is op 'n spesie wat in subregulasie (2) genoem is, perlemoen wat ingevolge regulasie 40 gevang is, kreef wat ingevolge regulasie 49 gevang is of 'n skulp wat ingevolge regulasie 37 versamel is nie.

(2) Behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal, mag niemand groter hoeveelhede of massas as die getal of massa hieronder aangedui, van die volgende soorte vis op een dag vang, poog om te vang, besit of vervoer nie—

- alikeukel, vyf;
- armadillo, ses;
- bloedwurm, vyf;
- gapermossel, agt;
- garnaal, 15;
- kammossel, 10;
- klipmossel, 15;
- krap, 15;
- modderkrap, twee;
- molkrab, 30;
- oester, 12;
- periwinkle, 50;
- polychaete-wurm, 10;
- pylinkvis, 20;
- rooi-aas, sonder dop, 2 kg;
- rotsmossel, 25;

seekat, twee;
seekastailing, 20;
seekomkommer, 20;
siffie, 10;
skeermesgapermossel, 20;
witmossel, 50;

(3) Niemand mag vang, beheer, bewaar of in besit wees van—

- (a) alikreukel, wat deur 'n ring met 'n binnedeursnee van 63,5 mm geplaas kan word;
- (b) modderkrap, gemeet oor die breedste deel van die rug, van minder as 140 mm;
- (c) siffie, wat deur 'n ring met 'n binnedeursnee van 32 mm geplaas kan word;
- (d) witmossel, wat deur 'n ring met 'n binnedeursnee van 35 mm geplaas kan word.

(4) Niemand mag vang, probeer vang of versteur—

- (a) oesters, bloedwurms, klipmossels, swartmossels, witmossels, rooi-aas of moddergarnale, op enige ander wyse as met die hand of 'n werktuig, waarvan die lem of plat kant hoogstens 38 mm breed is, of 'n handbeheerde pomp-toestel nie;
- (b) polychaete-wurm op enige ander wyse as met die hand nie;
- (c) pylinkvis met behulp van 'n suigpomp, suigbagger, suigbuis of 'n soortgelyke toestel, vanaf 'n vissersboot of boot nie;
- (d) enige krap, modderkrap of molkrap deur middel van 'n fuik nie, behalwe op gesag van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal;
- (e) enige skulpvis tussen sonder op een dag en sonop op die volgende dag nie.

(5) Niemand mag enige modderkrap of krap wat eiers dra of tekens toon dat die eiers afgestroop is, vang, behou, beheer of besit nie;

(6) Behalwe op gesag van 'n permit deur die direkteur-generaal uitgereik, mag niemand enige vis van die soorte in subregulasie (2) genoem verkoop of vir verkoop aanbied nie: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie regulasie nie van toepassing is nie binne die landdrostdistrikte Peddie, Mdantsane, Kentani, Willowvale, Elliotdale, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Lusikisiki en Bizana waar sodanige verkoping of verkoopsaanbieding nie aan of deur 'n fabriek is nie.

(7) Niemand mag sonder magtiging van 'n permit deur die direkteur-generaal uitgereik, enige lewende of dooie koraal beskadig, ontwortel, versamel of land of probeer beskadig, ontwortel, versamel of land nie: Met dien verstande dat koraal wat op die strand uitspoel, versamel mag word.

(8) Niemand mag enige lewende "pansy"-skulpvis vang of versteur nie: Met dien verstande dat 'n leë "pansy"-skulp wat op die strand uitspoel, versamel mag word.

(9) Niemand mag enige seewaaier of seepen ontwortel, pluk of versamel of probeer ontwortel, pluk of versamel nie: Met dien verstande dat 'n dooie seewaaier of seepen wat op die strand uitspoel, versamel mag word.

36. (1) Niemand mag, tensy daartoe gemagtig deur 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word, meer as 20 tjokka per persoon wat vir eie gebruik gevang was, vervoer, bewaar, beheer of besit nie, en dan slegs indien—

- (a) sulke tjokka in 'n heel toestand is;
- (b) al die persone deur wie die tjokka gevang is tydens die vervoer daarvan in of op die voertuig, boot of ander wyse van vervoer is, en
- (c) sodanige voertuig, boot of ander wyse van vervoer, slegs gebruik word om hoogstens 100 tjokka per dag te vervoer.

(2) Niemand mag tjokka of produkte daarvan van iemand anders verkry of aan iemand anders lewer met die doel daarmee handel te dryf, tensy 'n faktuur soos bedoel in subregulasie (3) ten opsigte van sodanige tjokka of produkte daarvan deur die persoon wat dit lewer, uitgereik word aan die persoon wat dit verkry.

(3) 'n Faktuur, uitgereik ingevolge subregulasie (2), moet minstens 12 maande lank deur die persoon aan wie dit uitgereik is, bewaar word en moet minstens die volgende besonderhede bevat—

- (a) naam en adres van leweransier;
- (b) datum van lewering; en
- (c) hoeveelheid of massa tjokka of produkte daarvan wat gelever is.

SKULPE EN WATERPLANTE

37. Behoudens die bepalings van artikel 38 van die Wet mag niemand, tensy hy die houer is van 'n permit wat uitgereik mag word deur die direkteur-generaal, op enige gegewe dag meer as een kg skulpe, 50 kg skulpgruis of meer as 10 kg waterplante vir eie gebruik versamel of van die strand verwyder nie.

MARIKULTUUR

38. Niemand mag, behalwe kragtens 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word, enige vis of waterplant kultiveer of kweek nie.

OESTERS: KOMMERSIEEL

39. (1) Niemand mag enige oesters vir handelsdoeleindes vang, probeer vang, versamel of versteur nie, tensy daartoe gemagtig deur 'n permit deur die direkteur-generaal uitgereik: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subregulasie nie van toepassing is nie binne die landdrostdistrikte Peddie, Mdantsane, Kentani, Willowvale, Elliotdale, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Lusikisiki en Bizana waar sodanige handeldryf nie aan of deur 'n fabriek is nie.

(2) Behoudens die bepalings van subregulasie (1) moet oesters wat gevang of versamel word vir kommersiële doeleindes in 'n heel toestand aan 'n permithouer soos in subregulasie (3) bedoel, gelever word.

(3) Niemand mag enige oesters ontvang of sodanige oesters verwerk vir handelsdoeleindes nie, tensy hy in besit is van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal en na betaling van die gelde soos bepaal deur die Minister.

(4) Niemand mag—

- (a) enige oester vang, probeer vang of versteur deur daarna te duik nie;
- (b) enige oester behou of beheer of besit met die oog op hervestiging daarvan nie; of;

- (c) enige oester vang, probeer vang of versteur vanaf 1 Desember in een jaar tot 15 Januarie van die daaropvolgende jaar nie, beide datums inklusief.

waar sodanige vangs, vangspoging, versteuring, behoud, beheer of besit vir verkoopdoeleindes van sodanige oester is: Met dien verstande dat die bepalinge van paragraaf (c) nie van toepassing is nie in die landdrostdistrikte genoem in subregulasie (1), waar sodanige verkoop nie aan of deur 'n fabriek is nie.

PERLEMOEN: ALGEMEEN

40. Niemand mag enige perlemoen vir privaat gebruik of kommersiële doeleindes vang, versamel, vervoer, behou, beheer of besit nie tensy hy daartoe gemagtig is met 'n permit wat uitgereik mag word deur die direkteur-generaal.

41. Niemand mag enige perlemoen wat nie in 'n heel toestand is op 'n vissersboot, vaartuig, voertuig of ander metode vervoer nie.

42. Behalwe op gesag van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik is, mag niemand—

- (a) enige perlemoen vir kommersiële doeleindes vanaf 1 Augustus tot 31 Oktober van enige jaar, beide datums inklusief, vang, probeer vang of versteur nie.
- (b) enige perlemoen vir eie gebruik vanaf 14 April tot 15 Desember van enige jaar, beide datums inklusief, vang, probeer vang of versteur nie.

43. Niemand mag—

- (a) perlemoen verwyder anders as met behulp van 'n plat instrument met 'n voorkant van nie smaller as 25 mm en nie breër as 35 mm nie en wat so afgerond is dat dit nie die voet van die perlemoen sny of beskadig nie;
- (b) perlemoen vang, behou, beheer of in sy besit hê as die skulp van sodanige perlemoen deur 'n ring van 114 mm in deursnee kan gaan nie.

PERLEMOEN: VANGS VIR EIE GEBRUIK

44. 'n Permit ingevolge regulasie 40 vir die vang van perlemoen vir eie gebruik, is deur enige persoon bo die ouderdom van 12 jaar verkrygbaar by gemagtigde kantore en onderworpe aan die betaling van die gelde soos bepaal deur die Minister en magtig die houer daarvan om hoogstens vier perlemoen te enige tyd te vang of te versamel deur te duik of vanaf die strand te versamel: Met dien verstande dat niemand die houer van meer as een sodanige permit mag wees nie, en voorts: Met dien verstande dat sodanige permit nie die houer magtig om perlemoen vir eie gebruik vanaf die strand te versamel in die landdrostdistrikte Peddie, Mdantsane, Kentani, Willowvale, Elliotdale, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Lusikisiki en Bizana nie.

45. (1) Niemand mag vir hom of haar eie gebruik, tensy daartoe gemagtig deur 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal—

- (a) enige perlemoen tussen sonder en sonop vang of versamel nie;
- (b) vir die vang van perlemoen gebruik maak van 'n kunsmatige asemhalings-apparaat, behalwe 'n snorkel nie;
- (c) enige perlemoen in of op 'n vissersboot of ander vaartuig vervoer, behou, beheer of in besit daarvan wees nie;

- (d) meer as vier perlemoen per permithouer in of op 'n voertuig of ander wyse van vervoer behou, beheer of besit nie, en dan slegs indien—
- (i) sodanige perlemoen in 'n heel toestand is;
 - (ii) al die permithouers deur wie die perlemoen gevang is tydens die vervoer daarvan in of op die betrokke voertuig is;
 - (iii) dat sodanige voertuig slegs gebruik mag word om hoogstens 20 perlemoen per dag te vervoer;
- (e) enige perlemoen wat gevang is ingevolge 'n permit vir die vang van perlemoen vir eie gebruik, verkoop of vir verkoop aanbied nie.

(2) Geen persoon mag enige perlemoen in sy besit of in sy bewaring hê, tensy hy in besit is van 'n permit om dit vir eie gebruik te vang of in besit is van 'n faktuur van 'n persoon wat die perlemoen op wettige wyse en in terme van die Wet verkry het: Met dien verstande dat niemand meer as 20 perlemoen in totaal in sy besit, onder sy beheer of in sy bewaring mag hê nie tensy hy beskik oor 'n faktuur van 'n persoon wat die perlemoen op wettige wyse verkry het.

PERLEMOEN: KOMMERSIEEL

46. (1) 'n Aansoek deur 'n kwotahouer om 'n kommersiële permit ingevolge regulasie 40 moet gerig word aan die direkteur-generaal op die vorm soos deur hom vereis en moet vergesel wees van die gelde soos bepaal deur die Minister.

(2) Perlemoen wat ingevolge 'n permit soos in subregulasie (1) bedoel gevang is, moet aan 'n permithouer soos in subregulasie (3) bedoel gelewer word en moet in 'n heel toestand gehou word totdat dit aan so 'n permithouer gelewer word.

(3) Niemand mag enige perlemoen wat ooreenkomstig die bepalinge van 'n permit uitgereik ingevolge subregulasie (1) gevang is, ontvang of verwerk, tensy hy beskik oor 'n fabriek vir die verwerking van sodanige perlemoen en daartoe gemagtig word deur 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word en teen betaling van die gelde soos bepaal deur die Minister.

(4) Niemand mag perlemoen of produkte daarvan van iemand anders verkry of aan iemand anders lewer nie tensy 'n faktuur soos bedoel in subregulasie (5) ten opsigte van sodanige perlemoen of produkte daarvan deur die persoon wat dit lewer, uitgereik word aan die persoon wat dit verkry: Met dien verstande dat die bepalinge van hierdie subregulasie nie van toepassing is nie op die lewering aan en die verkryging deur 'n persoon vir eie gebruik.

(5) 'n Faktuur, uitgereik ingevolge subregulasie (4), moet minstens 12 maande lank deur die persoon aan wie dit uitgereik is, gehou word en moet minstens die volgende besonderhede bevat:

- (a) Naam en adres van leweransier;
- (b) datum van lewering; en
- (c) hoeveelheid of massa perlemoen of produkte daarvan wat gelewer is.

47. Iemand wat kragtens 'n permit, uitgereik ingevolge regulasie 40 perlemoen vang, mag nie perlemoen vang, probeer vang of versteur nie—

- (a) binne 'n afstand van 185 m vanaf die hoogwatermerk seewaarts in die gebied begrens deur 'n lyn (ware peiling 180°) vanaf die Kaappuntvuurtoring, en 'n soortgelyke lyn getrek vanaf die Kaap Agulhas-vuurtoring;

- (b) binne die gebied noord van 'n lyn getrek vanaf die vuurtoring te Kaappunt na 'n baken gemerk HP1 geleë te Holbaaipunt oos van Kaap Hangklip; of
- (c) binne 'n afstand van een seemyl vanaf die hoogwatermerk seewaarts in die landdrosdistrikte Kentani, Willowvale en Elliotdale.

48. Niemand mag, behalwe op gesag van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word, perlemoen vang, probeer vang of versteur nie in die see binne 'n afstand van twee seemyl vanaf die hoogwatermerk op die eiland bekend as Dyer-eiland.

KREEF: ALGEMEEN

49. Niemand mag enige kreef vir privaat gebruik of kommersiële doeleindes vang nie, tensy hy daartoe gemagtig is deur middel van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word: Met dien verstande dat die bepalings van hierdie regulasie nie van toepassing sal wees op ooskuskreef gevang vir eie gebruik nie.

50. Niemand mag enige vaartuig geregistreerd of gelisensieerd in die Republiek ingevolge die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), gebruik om enige kreef buite die visseriesone op die vastelandsplat soos bedoel in artikel 8 van die Wet op Maritieme Sones, 1994 (Wet No. 15 van 1994), vang of probeer vang nie, behalwe die houer van 'n permit kragtens die Wet vir die vang van kreef vir handelsdoeleindes.

51. 'n Persoon wat 'n kreef wat eiers dra, of 'n kreef wat op die punt staan om sy dop af te werp, of dit onlangs gedoen het, en wat in 'n sagte toestand verkeer, vang of in besit daarvan kom, moet sodanige kreef onverwyld in die see terugplaas.

52. Niemand mag enige dooie kreef, deel of afval daarvan in die see terugplaas nie: Met dien verstande dat verguisde suidkuskreef in die see gestort mag word.

53. By die toepassing van paragrawe (a) en (b) van regulasie 54 en en subparagrawe (a) (i) en (a) (ii) van regulasie 69, beteken "kant" die harde kant van die kopborsstukpantser, of *cephalothorax* en sluit nie die kant of enige deel van die rand of *setae* (hare) wat van die pantser agtertoe uitsteek, in nie.

WESKUSKREEF: ALGEMEEN

54. Behalwe op gesag van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik is, mag niemand enige weskuskreef vang, versteur of besit—

- (a) waarvan die kopborsstuk, gemeet in 'n reguit lyn langs die middelruglyn van die kopborsstuk, vanaf die middel van die agterste kant van die kopborsstuk tot by die voerpunt van die rostrum of middelvoorstekel, kleiner is as 80 mm: Met dien verstande dat vir sulke kreef wat kommersieel gevang word, sodanige kopborsstuk nie kleiner as 75 mm mag wees nie;
- (b) waarvan die stert wat van die lyf geskei is, indien die tweede segment van sodanige kreefstert minder as 19 mm breed is wat gemeet word in 'n reguit lyn langs die middelruglyn van kant tot kant van die tweede segment getel vanaf die aansluiting van die stert met die lyf (kopborsstuk): Met dien verstande dat sulke kreef wat kommersieel gevang word, die tweede segment van sodanige kreefstert, getel vanaf die aansluiting van die lyf met die stert, nie minder as 18 mm breed mag wees nie;
- (c) wat tekens toon dat dit eierdraend en sulke eiers afgestroop is, of die eiers van sulke kreef nie;
- (d) vir eie gebruik vanaf 1 Mei tot 15 November van enige jaar, beide datums inklusief, nie;

- (e) vir kommersiële doeleindes vanaf 1 Junie tot 15 November van enige jaar, beide datums inklusief, nie; en
- (f) wat op die punt staan om te verdop of wat dit onlangs gedoen het en wat 'n sagte dop het.

WESKUSKREEF: VANGS VIR PRIVAAT GEBRUIK

55. (1) 'n Permit vir die vang van weskuskreef vir eie gebruik deur enige persoon bo die ouderdom van 12 jaar is verkrygbaar by gemagtigde kantore en onderworpe aan die betaling van gelde soos bepaal deur die Minister: Met dien verstande dat niemand die houer van meer as een sodanige permit mag wees nie.

(2) 'n Permit uitgereik ingevolge subregulasie (1) magtig die houer daarvan om hoogstens vier krewes per dag te vang of te enige tyd in sy besit te hê en mag slegs—

- (a) met 'n ringnet of skepnet soos voorgeskryf in regulasie 67 (6) van 'n vaartuig of vissersboot ten opsigte waarvan nie 'n permit vir die vangs van kreef uitgereik is nie;
- (b) met 'n ringnet of skepnet soos voorgeskryf in regulasie 67 (6) vanaf die strand; of
- (c) deur vanaf die strand en sonder die gebruik van 'n kunsmatige asemhalingsapparaat, uitgesonderd 'n snorkel, daarvoor te duik.

56. (1) Behalwe kragtens 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik is, mag niemand vir eie gebruik—

- (a) enige weskuskreef tussen sonder van een dag en sonop die volgende dag, vang of versamel nie;
- (b) meer as vier weskuskreef per permithouer in of op enige vissersboot, vaartuig of voertuig of ander wyse van vervoer, behou, beheer of besit, en dan slegs indien—
 - (i) sodanige weskuskreef in 'n heel toestand is;
 - (ii) al die permithouers deur wie die weskuskreef gevang is, tydens die vervoer daarvan in of op die betrokke vissersboot, vaartuig of voertuig of ander wyse van vervoer is;
 - (iii) sodanige vissersboot, vaartuig of voertuig of ander wyse van vervoer slegs gebruik word om hoogstens 16 weskuskreef per dag te vervoer;
- (c) weskuskreef vir eie gebruik vang met behulp van 'n kreeffuik of soortgelyke toestel nie.

(2) Niemand mag—

- (a) enige weskuskreef in sy besit of in sy bewaring hê tensy hy in besit is van 'n permit om weskuskreef vir eie gebruik te vang of in besit is van 'n faktuur uitgereik deur 'n persoon wat sodanige kreef op wettige wyse vir kommersiële doeleindes en in terme van die Wet verkry het: Met dien verstande dat niemand meer as 16 weskuskreef in totaal in sy besit of onder sy beheer of in sy bewaring mag hê nie, tensy hy beskik oor 'n faktuur uitgereik deur 'n persoon wat die kreef op wettige wyse vir kommersiële doeleindes verkry het.
- (b) enige weskuskreef wat gevang is vir eie gebruik, verkoop of vir verkoop aanbied nie.

WESKUS- EN SUIDKUSKREEF: KOMMERSIEEL

57. 'n Aansoek om 'n permit vir die vang van weskus- of suidkuskreef vir kommersiële doeleindes soos bedoel in regulasie 49 moet deur kwotahouers by die Hoofdirekteur: Seevisserie op die vorm soos deur hom vereis, aansoek doen en sodanige aansoek moet vergesel wees van die gelde soos bepaal deur die Minister.

58. Behoudens die bepalings van regulasie 56, mag niemand sonder die skriftelike magtiging van die direkteur-generaal en onderworpe aan die voorwaardes wat hy mag bepaal, enige weskus- of suidkuskreef of kreefsterte vervoer tensy sodanige kreef of kreefsterte verpak is ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Buro van Standaarde se Verpligte Spesifikasies vir die Vervaardiging, Produksie, Bewerking of Behandeling van Ingemaakte Skaaldiere of in 'n gelisensieerde fabriek in lewende vorm verpak is.

59. Alle weskus- of suidkuskreef wat ooreenkomstig hierdie Regulasies vir kommersiële doeleindes gevang is, moet in 'n heel vorm gehou word totdat sodanige kreef aan land gebring word: Met dien verstande dat kreefsterte aan boord enige vissersboot vervoer mag word mits sodanige sterte verpak is ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde se Verpligte Standaard-spesifikasie vir Bevrore Kreefprodukte en/of die Verpligte Standaard-spesifikasie vir die Vervaardiging, Produksie, Bewerking of Behandeling van Ingemaakte Skaaldiere.

60. Behalwe op gesag van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik is, mag die gesagvoerder van 'n vissersboot of vaartuig nie op sodanige vissersboot of vaartuig enige net of fuik wat vir die vang van kreef gebruik kan word, hou of toelaat dat dit op sodanige vissersboot of vaartuig gehou word nie gedurende die tydperke waartydens die vang van weskus- of suidkuskreef kragtens die Wet verbied is binne die gebied wes van 'n lyn (ware peiling 180°) getrek vanaf die vuurtoring te Kaap Agulhas.

61. Behalwe op gesag van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik is, mag niemand—

- (a) enige duiktoerusting van watter aard ook al op enige vissersboot of vaartuig hê of daarop toelaat as sodanige vissersboot of vaartuig gebruik word vir die vang of vervoer van weskus- of suidkuskreef nie;
- (b) enige fuik gebruik vir die vang van weskus- of suidkuskreef nie, tensy sodanige fuik voldoen aan die voorgeskrewe vereistes;
- (c) 'n vissersboot vir die vang van weskus- of suidkuskreef met behulp van kreeffuik gebruik nie, tensy sodanige vissersboot met 'n dekroostersorteerder wat aan die voorgeskrewe spesifikasies voldoen, toegerus is en enige kreef wat met behulp van fuik gevang word, moet sonder versuim met behulp van die sorteerder gesorteer word en alle vis wat deurval moet sonder versuim in die see teruggeplaas word.

WESKUS- EN SUIDKUSKREEF: LEWERING, ONTVANGS, VERWERKING EN BEMARKING

62. (1) Niemand mag enige weskus- of suidkuskreef ontvang van 'n visser of sodanige kreef verwerk nie, tensy hy beskik oor 'n fabriek en in besit is van 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal na betaling van die gelde soos bepaal deur die Minister, wat hom magtig om sodanige kreef te ontvang en te verwerk.

(2) 'n Visser moet alle weskus- of suidkuskreef wat ingevolge die bepalings van hierdie Regulasies gevang is, aan land bring en mag dit slegs lewer aan iemand wat 'n fabriek bedryf en oor 'n permit beskik om sodanige kreef te ontvang en te verwerk.

(3) (a) Die massa van weskus- of suidkuskreef wat geland word, moet bepaal word deur middel van 'n massameter wat deur die eienaar van die fabriek wat die kreef in ontvangs neem, voorsien en geïnstalleer moet word.

(b) 'n Massameter soos bedoel in paragraaf (a) moet voldoen aan die vereistes van die direkteur-generaal, moet geïnstalleer en gebruik word in 'n plek wat deur die direkteur-generaal goedgekeur is, en moet, behoudens regulasie 19 behoorlik verseël wees terwyl dit vir massabepaling gebruik word.

(4) Niemand mag weskus- of suidkuskreef wat met behulp van 'n vissersboot gevang is van die plek waar sodanige kreef geland is, verwyder voordat die massa daarvan op die voorgeskrewe wyse met 'n outomatiese massameter in die teenwoordigheid van 'n visseryebeheerbeampte bepaal is nie en dan alleen nadat sodanige beampte goedkeuring verleen het dat sodanige kreef van die massameter verwyder mag word.

(5) Die houer van 'n permit soos in subregulasie (1) vermeld, mag slegs weskus- of suidkuskreef in ontvangs neem van 'n visser wat in besit is van 'n kommersiële permit uitgereik ooreenkomstig die bepalinge van regulasies 49 en 57.

63. (1) 'n Persoon aan wie 'n fabriekslisensie uitgereik is, mag nie weskuskreef of produkte daarvan van die hand sit op 'n ander wyse as aan 'n aandeelhouer van die Suid-Afrikaanse Bevrore Kreefverpakkings (Edms.) Bpk. of Cape Lobster Exporters Association (SA) (Edms.) Bpk. nie. 'n Aandeelhouer van enige van genoemde maatskappye mag nie weskuskreef of produkte daarvan van die hand sit op 'n ander wyse as aan 'n ander aandeelhouer van enige van die genoemde maatskappye nie.

(2) Niemand mag weskuskreef of produkte daarvan op 'n ander wyse van die hand sit nie as aan of met die goedkeuring van die Suid-Afrikaanse Bevrore Kreefverpakkings (Edms.) Bpk. en Cape Lobster Exporters Association (SA) (Edms.) Bpk.: Met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing is nie op die verkoop van weskuskreef of produkte daarvan deur 'n aandeelhouer aan 'n ander aandeelhouer van enige van gemelde maatskappye en ook nie van toepassing is nie op die herverkoop van weskuskreef of produkte daarvan wat van of deur bemiddeling van gemelde maatskappye gekoop is.

(3) Behoudens die bepalinge van die Wet mag niemand weskuskreef of produkte daarvan vir eie gebruik of vir verkoop verkry nie, behalwe van of deur bemiddeling van 'n maatskappy in subregulasie (1) genoem, of van iemand wat dit van of deur bemiddeling van so 'n maatskappy vir verkoop verkry het: Met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing is nie op die verkryging van weskuskreef of produkte daarvan deur 'n aandeelhouer van enige van gemelde maatskappye van weskuskreef of produkte daarvan van 'n ander aandeelhouer van enige van gemelde maatskappye of op die verkryging deur 'n fabriek van weskuskreef van 'n visser.

(4) Niemand mag kreefprodukte aan iemand anders lewer of van iemand anders verkry nie, tensy sodanige kreefprodukte in 'n fabriek verpak is ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde se Verpligte Standaardspesifikasie vir Bevrore Kreefprodukte, of die Verpligte Standaardspesifikasie vir die Vervaardiging, Produksie, Bewerking of Behandeling van Ingemaakte Skaaldiere, of van lewende kreef, tensy dit deur 'n aandeelhouer van die maatskappy Cape Lobster Exporters Association (SA) (Edms.) Bpk. verpak is in 'n houer waarop die geregistreerde embleem van genoemde maatskappy verskyn.

(5) Nieteenstaande die bepalinge van subregulasie (1) kan die maatskappye in subregulasie (1) genoem nie 'n aandeelhouer van gemelde maatskappye die reg verbied om weskuskreef of produkte daarvan ingevolge die bepalinge van subregulasie (2) en (3) vanaf gemelde maatskappye te verkry en weskuskreef of produkte daarvan binne die perke van die

kwota wat aan die aandeelhouer toegeken is aan kopers wat deur 'n aandeelhouer in die buiteland geïdentifiseer teen 'n prys wat onafhanklik deur die aandeelhouer beding en vasgestel is van die hand te sit nie.

(6) Nieteenstaande die bepalings van subregulasies (2), (3) en (5) moet alle aansoeke om 'n weskuskreefuitvoerpermit ingevolge die bepalings van die Wet deur die maatskappye genoem in subregulasie (1) namens 'n ander aandeelhouer van genoemde maatskappye hanteer word.

(7) Niemand mag weskuskreef of produkte daarvan van iemand anders verkry of aan iemand anders lewer nie, tensy 'n faktuur soos bedoel in subregulasie (8) ten opsigte van daardie weskuskreef of produkte daarvan deur die persoon wat dit lewer, uitgereik word aan die persoon wat dit verkry. Met dien verstande dat die voorgaande bepalings van hierdie subregulasie nie van toepassing is op 'n lewering aan 'n verbruiker en 'n verkryging deur 'n verbruiker vir 'n ander doel as om daarmee handel te dryf nie.

(8) 'n Faktuur uitgereik ingevolge subregulasie (7) moet minstens 12 maande lank deur die persoon aan wie dit uitgereik is, gehou word en moet minstens die volgende besonderhede bevat:

- (a) Die naam en adres van die leweransier;
- (b) die datum van lewering; en
- (c) die hoeveelheid of massa weskuskreef of produkte daarvan wat op bedoelde datum aan die verkryger gelewer is.

(9) Die bemarkingsliggame hieronder gelys is aangewys om slegs die volgende kommoditeite van kreef te distribueer:

- (a) Suid-Afrikaanse Bevrore Kreefverpakkers (Edms.) Bpk.—sterte en heel gekookte;
- (b) Cape Lobster Exporters Association (SA) (Edms.) Bpk.—lewendige en heel bevrore.

(10) Suidkuskreef of produkte daarvan mag slegs met voorafgaande goedkeuring van die Suidkuskreefvereniging deur die bovermelde liggame gedistribueer word.

64. (1) Niemand mag suidkuskreef of produkte daarvan op 'n ander wyse van die hand sit nie as aan of met die goedkeuring van een van die volgende afhangende die kommoditeit wat verkoop of te koop aangebied word: Die Suidkuskreefvereniging of die Suid-Afrikaanse Bevrore Kreefverpakkers (Edms.) Bpk. of die Cape Lobster Exporters Association (SA) (Edms.) Bpk.: Met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing is nie op die verkoop van suidkuskreef of produkte daarvan deur 'n lid van genoemde verenigings aan 'n ander lid van genoemde verenigings en ook nie van toepassing is nie op die herverkoop van suidkuskreef of produkte daarvan wat van of deur bemiddeling van genoemde vereniging gekoop is.

(2) Behoudens die bepalings van die Wet mag niemand suidkuskreef of produkte daarvan vir eie gebruik of vir verkoop verkry nie, behalwe van 'n lid of deur bemiddeling van die verenigings in subregulasie (1) genoem, of van iemand wat dit van of deur bemiddeling van verenigings vir verkoop verkry het: Met dien verstande dat hierdie verbod nie van toepassing is nie op die verkryging deur 'n lid van gemelde vereniging van suidkuskreef of produkte daarvan van 'n ander lid.

(3) Niemand mag suidkuskreef of produkte daarvan aan iemand anders lewer of van iemand anders verkry nie, tensy sodanige suidkuskreef-produkte in 'n fabriek verpak is ooreenkomstig die Suid-Afrikaanse Buro vir Standaarde se Verpligte Standaardspesifikasie vir

Bevrore Kreefprodukte, of die Verpligte Standaardspesifikasie vir die Vervaardiging, Produksie, Bewerking of Behandeling van Ingemaakte Skaaldiere, of in die geval van lewende suidkuskreef, tensy dit deur 'n lid van die Suidkuskreefvereniging verpak is.

(4) Niemand mag suidkuskreef of produkte daarvan van iemand anders verkry of aan iemand anders lewer nie, tensy 'n faktuur soos bedoel in subregulasie (5) ten opsigte van daardie suidkuskreef of produkte daarvan deur die persoon wat dit lewer, uitgereik word aan die persoon wat dit verkry: Met dien verstande dat die voorgaande bepalinge van hierdie subregulasie nie van toepassing is nie op 'n lewering aan 'n verbruiker en 'n verkryging deur 'n verbruiker vir 'n ander doel as om daarmee handel te dryf.

(5) 'n Faktuur uitgereik ingevolge subregulasie (4) moet minstens 12 maande lank deur die persoon aan wie dit uitgereik is, gehou word en moet minstens die volgende besonderhede bevat:

- (a) Die naam en adres van die leweransier;
- (b) die datum van lewering; en
- (c) die hoeveelheid massa of suidkuskreef of produkte daarvan wat op bedoelde datum aan die verkryger gelever is.

(6) Die Suidkuskreefvereniging is aangewys om lewendige suidkuskreef en kreefsterte, hetsy heel bevrore of gekook, te distribueer.

(7) Weskuskreef of produkte daarvan mag slegs met goedkeuring van die twee liggame gemeld in subregulasie 63 (9) bemark word.

WESKUSKREEFLANDINGSPLEKKE

65. (1) Niemand mag langs die kus in die gebied tussen Kaap Hangklip en die Oranjerivier, enige weskuskreef of enige deel van sodanige kreef by enige ander plek as die volgende landingsplekke aan land bring nie:

- (a) Port Nolloth—die aanlegsteier van Hicksons Canning Company;
- (b) Hondeklipbaai—die aanlegsteier van Namaqua Canning Company;
- (c) Doringbaai—die strandgebied en aanlegsteier tussen die bakens gemerk B1 wat die noordelike grens aandui en B2 wat die suidelike grens aandui en geleë is naby die fabriek van The North Bay Canning Company;
- (d) Lambertsbaai—die hooflandingskaai in die vissershawe;
- (e) Elandsbaai—die vier aanlegsteiers in die nabyheid van die ou militêre kamp op Bobbejaanpunt;
- (f) St Helenabaai—die kreeflandingskaai in die vissershawe by Sandypunt geleë;
- (g) Paternoster—die strandgebied tussen die bakens gemerk P1 en P2, geleë onderskeidelik ten ooste en ten weste van die fabriek van Paternoster Visserye te Paternoster;
- (h) Abdolsbaai—die strandgebied tussen die bakens gemerk E1 wat die noordelike grens aandui en E2 wat die suidelike grens aandui;
- (i) Jacobsbaai—die strandgebied tussen die bakens gemerk F1 wat die noordelike grens aandui en F2 wat die suidelike grens aandui;
- (j) Saldanhabaai—die kreeflandingskaai in die vissershawe te Peperbaai;
- (k) Kaapstad—die vislandingskaai te Kaapstadhawe of ander plek goedgekeur deur die direkteur-generaal;
- (l) Houtbaai—die twee vislandingskaaië in die vissershawe;

- (m) Witsand—die landingsplek ten suide van Kommetjie geleë tussen die bakens onderskeidelik gemerk H1 en H2; en
- (n) Kalkbaai—die vislandingskaai in die vissershawe.

(2) Nieteenstaande subregulasie (1), mag wesuskreef wat kragtens regulasie 49 vir eie gebruik gevang is, op enige plek aan land gebring word, behalwe op plekke waar dit uitdruklik verbied word.

WESKUSKREEFSONES

66. (1) Iemand wat gemagtig is om wesuskreef te vang vir die lewering aan 'n fabriek, mag sodanige kreef slegs in die sones of areas soos hieronder omskryf, vang.

(2) By die toepassing van subregulasies (1) en (3) omvat die sones die volgende gebiede:

- (a) Sone A—die gebied tussen 'n lyn in die noorde (ware peiling ongeveer 234°), getrek vanaf die noordelike oewer van die Oranjerivier soos aangedui op seekaart SAN FZ1 en 'n lyn (ware peiling 270°) in die suide, getrek vanaf die monding van die Brakrivier en word soos volg in die volgende twee areas verdeel:
 - (i) Area 1, met as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling ongeveer 234°) getrek vanaf die noordelike oewer van die Oranjerivier en as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die monding van die Buffelsrivier; en
 - (ii) area 2, met as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die monding van die Brakrivier en as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die monding van die Buffelsrivier;
- (b) Sone B—die gebied tussen 'n lyn in die noorde (ware peiling 270°), getrek vanaf die monding van die Brakrivier en 'n lyn in die suide (ware peiling 270°), getrek vanaf die watertoring te Swarskersbos en word soos volg in die volgende twee areas verdeel:
 - (i) Area 3, met as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die mond van die Brakrivier, en as suidelike grens, 'n lyn getrek reguit in lyn met die twee bakens geleë aan die suidelike kant van Kreefbaai; en
 - (ii) area 4, met as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek in lyn met die twee bakens geleë aan die suidelike kant van Kreefbaai en as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die watertoring te Dwarskersbos;
- (c) Sone C—die gebied tussen 'n lyn in die noorde (ware peiling 270°), getrek vanaf die watertoring te Dwarskersbos, en 'n lyn (ware peiling 270°) in die suide, getrek vanaf die baken gemerk YF, geleë te Yzerfontein en word soos volg in die volgende twee areas verdeel:
 - (i) Area 5, met as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die watertoring te Dwarskersbos en as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf Jacobsbaai; en
 - (ii) area 6, met as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf Jacobsbaai en as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die baken gemerk YF, geleë te Yzerfontein;

(d) Sone D—die gebied tussen 'n lyn in die noorde (ware peiling 270°), getrek vanaf die baken gemerk YF genoem in die omskrywing van Sone C hierbo, en 'n lyn in die suide (ware peiling 180°), getrek vanaf die vuurtoring te Kaap Hangklip, uitgesluit die gebied omskryf as Sone E en word soos volg in die volgende twee areas verdeel :

(i) Area 7, met as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die baken gemerk YF, genoem in die omskrywing van Sone C hierbo, en as suidelike grens, die noordelike baken MB1 van die kreefreservaat te Melkbospunt; en

(ii) area 8, met as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die baken HD1 van die Kaapse Skiereiland Kreefreservaat en as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 180°) getrek vanaf die vuurtoring te Kaap Hangklip; en

(e) Sone E—die gebied noord van 'n reguit lyn getrek vanaf die vuurtoring geleë te Kaappunt tot by die vuurtoring te Kaap Hangklip, uitgesonder die area binne 'n afstand van een seemyl vanaf die hoogwatermerk in die gebied begrens deur, as noordelike grens 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die mond van die Buffelsrivier en, as suidelike grens 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die vuurtoring te Kaap Hangklip.

(3) Geen persoon waarna in subregulasie (1) verwys is, mag gedurende die tydperk 1 November tot 31 Desember van elke jaar, sodanige kreef vang in enige ander sone as in daardie sone waarin die fabriek aan wie hy sy vangste moet lewer, geleë is nie.

WESKUSKREEF: DEKROOSTERSORTEERDERS, FUIKE EN RINGNETTE

67. (1) Vir doeleindes van hierdie regulasie beteken—

“raam” die reghoekige metaalraam wat die stange en die steunstaaf steun;

“rooster” die stange en steunstaaf sonder die raam; en

“bruikbare oppervlakte” die oppervlakte gemeet van die binnekant van die raam af (maar uitgesonderd die gapings aan die twee ente, indien hierdie gapings minder is as die gespesifiseerde minimum).

(2) 'n Dekroostersorteerder vir die vang van weskuskeef, moet aan die volgende spesifikasies voldoen:

(a) Die rooster en die raam moet van vlek-vrye staal of gegalvaniseerde sagte staal vervaardig wees;

(b) (i) (aa) die rooster moet reghoekig wees en 'n minimum breedte van 750 mm hê;

(bb) die bruikbare oppervlakte mag nie minder as 1,1 m² wees nie;

(cc) die gaping tussen aangrensende stange gemeet by enige punt, moet minstens 41,6 mm en hoogstens 42,4 mm wees;

(dd) die wydte van die gapings tussen die laaste stang en die raam, mag hoogstens 42,4 mm wees;

(ii) (aa) die raam moet bestaan uit plat stawe met 'n dikte van minstens 8 mm en 'n breedte van minstens 40 mm;

(bb) 'n reeks van 16 mm vry pasgate moet in die twee lang stawe wat die kante van die raam vorm, geboor word ten einde die stange van die rooster te akkommodeer;

- (cc) die twee dwarsstawe moet aan die eindpunte van die twee langstawe vasgesweis word ten einde 'n reghoekige raam te vorm;
- (dd) die spasiëring van die gate in die lang stawe moet sodanig wees dat die gapings tussen die stange, wanneer hulle in posisie is, binne die gespesifiseerde perke is;
- (iii) (aa) die rooster moet bestaan uit stange met 'n nominale deursnee van 16 mm en 'n steunstaaf met 'n dikte van minstens 6 mm en 'n breedte van minstens 40 mm;
- (bb) die steunstaaf moet sentraal geplaas word tussen, en ewewydig aan, die lang stawe van die raam en daar moet 'n reeks vrypasgate daarin geboor word wat ooreenkom met dié in die lang stawe;
- (cc) die eindpunte van die steunstaaf moet aan die raam vasgesweis word en die eindpunte van die stange moet op so 'n wyse aan die raam vasgesweis word dat die sweislasse nie bo die buiteoppervlak van die raam uitsteek nie;
- (iv) sweislasse moet, in die geval van vlekvrystaal, smeltsweislasse wees wat volgens die traegasboogswaisproses gedoen is of, in die geval van vlekvrystaal, volgens enige ander sweisproses wat 'n sweislas lewer waarvan die meganiese eienskappe en korrosiebestandheid gelykstaande is met dié van die moedermetaal; en
- (v) alle blootgestelde oppervlakke moet glad sonder skerp rande of enige ander gebreke wees wat nadelig vir 'n kreef mag wees.

(3) Weskuskreef wat aan boord van 'n vissersboot wat met kreeffuik toegerus is, geneem word, moet onverwylde met behulp van 'n dekroostersorteerder sorteer word en enige kreef wat in stryd met die bepalings van die Wet gevang is, moet sonder versuim in die see teruggeplaas word.

(4) (a) Die gesagvoerder of eienaar van 'n vissersboot wat gebruik word vir die vang van weskuskreef, mag nie 'n kreeffuik waarvan die sak, gemeet vanaf die onderste horisontale kante van die fuik, langer as 400 mm, gebruik, of toelaat dat dit op sodanige vissersboot vervoer word of aan boord hê nie; en

(b) Die maasgroottes van die sak, wanneer gespan, moet minstens 60 mm wees of met skakels van 30 mm, gemeet van binnekant van knoop of lasplek tot binnekant van knoop of lasplek, dit wil sê met skakels van minstens 30 mm.

(5) Die kreeffuik bedoel in subregulasie (4) moet aan die volgende vereistes voldoen:

- (a) Die net of netwerk waarmee die fuik bedek word, moet van poliëteleen vervaardig wees;
- (b) die maasgrootte van die net of netwerk waarmee die fuik bedek word, met die uitsondering van die opening- of ingangtregters, mag, wanneer gespan, nie minder as 100 mm van binnekant van knoop of lasplek tot binnekant van knoop of lasplek, dit wil sê met skakels van 50 mm, wees nie: Met dien verstande dat in die geval van die gebruik van kreeffuik in die gebied tussen 'n lyn (ware peiling 270°) in die noorde getrek vanaf die monding van die Oranjerivier en 'n lyn (ware peiling 270°) in die suide, getrek vanaf die monding van die Brakrivier, die maasgroottes van die net of netwerk waarmee die fuik bedek word met die uitsondering van die opening- of ingangtregters, nie minder as 62 mm wanneer gespan van binnekant van knoop of lasplek tot binnekant van knoop of lasplek, dit wil sê met skakels van 31 mm, mag wees nie; en

- (c) die net of netwerk aan die horisontale en vertikale kant van die fuik moet op sodanige wyse gespan word dat die openinge van die maas te alle tye reghoekig is.

(6) Die eienaar of gesagvoerder van 'n vissersboot of vaartuig wat gebruik word vir die vang van weskuskeef, mag nie 'n ringnet met 'n maasgrootte van minder as 90 mm (gemeet van binnekant van knoop of lasplek tot binnekant van knoop of lasplek) wanneer dit gespan is, of met skakels van minder as 45 mm en waarvan die sak-end gemeet vanwaar dit aan die ring vasgemaak is tot aan die uiterste punt van die sak, langer as 1 200 mm is nie, gebruik, of toelaat dat dit op sodanige vissersboot of vaartuig gebruik of vervoer word of aan boord is nie: Met dien verstande dat indien weskuskeef kommersieel gevang word die maasgrootte van 'n ringnet nie kleiner as 62 mm (gemeet van binnekant van knoop of lasplek tot binnekant van knoop of lasplek) wanneer dit gespan of met skakels van nie kleiner as 31 mm, is.

WESKUSKEEF: BEPERKTE GEBIEDE

63. (1) Niemand mag op enige wyse of vir watter doel ookal, enige keef in die gebiede hieronder omskryf, vang, probeer vang, of versteur nie, tensy hy in besit is van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word:

- (a) Die gebied binne 12 seemyl seewaarts vanaf die hoogwatermerk op die kus tussen, as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek deur 'n baken wat MB1 gemerk en op Melkbospunt geleë is, en as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf 'n baken wat HD1 gemerk is en te "Die Josie" geleë naby Chapman's Peak suid van Houtbaai;
- (b) die gebied binne Saldanhabaai aan die oostekant van 'n reguit lyn getrek deur twee bakens wat onderskeidelik N.H.1 en N.H.2 gemerk is en op die punt bekend as "North Head" geleë is, en twee bakens wat onderskeidelik SH1 en SH2 gemerk is en op die punt bekend as "South Head" geleë is;
- (c) die gebied binne ses seemyl seewaarts gemeet vanaf die hoogwatermerk op die kus tussen, as westelike grens, 'n reguit lyn getrek deur twee bakens wat onderskeidelik S.H.B.W.1 en S.H.B.2 gemerk is en op Stompneuspunt geleë is, en, as oostelike grens, 'n reguit lyn getrek deur 'n baken S.H.B.E. gemerk en 'n baken D.R. gemerk, wat albei op die restant van die plaas Wilde Varkens Valley A, reg suid van "Doctor's Reef", geleë is; en
- (d) die gebied binne drie seemyl seewaarts gemeet vanaf die hoogwatermerk op die kus tussen, as westelike grens, 'n lyn (ware peiling 315°) getrek deur twee bakens wat onderskeidelik S.H.B.W.2 en S.H.B.3 gemerk is en op Shellbaai-punt geleë is, en as oostelike grens, 'n reguit lyn getrek deur twee bakens wat onderskeidelik S.H.B.W.1 en S.H.B.2 gemerk is en op Stompneuspunt geleë is.

(2) Niemand op enige vissersboot wat gemagtig is om keef te vang vir lewering aan 'n fabriek ingevolge die bepalings van die Wet, mag binne 'n afstand van een seemyl seewaarts gemeet vanaf die hoogwatermerk in die gebied tussen, as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die baken gemerk MD1, geleë op die mees westelike punt op die kaap aan die noordelike end van McDougallsbaai, en as suidelike grens 'n soortgelyke lyn getrek vanaf die baken gemerk MD2, geleë op die mees westelike punt op die kaap aan die suidelike eindpunt van McDougallsbaai, enige keef vang, probeer vang of versteur nie.

(3) Niemand mag binne 12 seemyl gemeet vanaf die hoogwatermerk, in die gebied tussen, as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf 'n baken wat K1 gemerk is, geleë te Klein Slangkoppunt ten noorde van Kommetjie, en as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die vuurtoring te Slangkoppunt wat ten suide van Kommetjie geleë is, enige keef met behulp van 'n kreeffuik of soortgelyke tuig vang nie.

OOSKUSKREEF: ALGEMEEN**69.** Niemand mag—

- (a) behoudens die bepalinge van regulasie 53, in besit van enige ooskuskreef wees waarvan—
 - (i) die kopborsstuk, gemeet in 'n reguit lyn langs die middelruglyn vanaf die middelpunt van die kant wat die twee vergrote voorstekels verbind tot by die middel van die agterste kant, kleiner as 65 mm is nie;
 - (ii) die stert wat van die lyf afgesny is, gemeet in 'n reguit lyn langs die middelruglyn van kant tot kant van die tweede segment getel vanaf die aansluiting van die stert met die lyf (kopborsstuk), minder as 22 mm breed is nie;
- (b) ooskuskreef gedurende die tydperk vanaf 1 November van een jaar tot die laaste dag van Februarie van die daaropvolgende jaar, beide datums inklusief, vang of in besit neem nie;
- (c) in besit wees van ooskuskreef wat eiers dra, of wat tekens toon dat dit eierdraend en sulke eiers afgestroop is, of van die eiers van sodanige kreef nie;
- (d) in besit wees van enige ooskuskreef wat op die punt staan om te verdop of wat onlangs verdop het en wat 'n sagte dop het;
- (e) enige duiktoerusting van watter aard ookal op enige vissersboot of vaartuig hê of daarop toelaat as sodanige vissersboot of vaartuig gebruik word vir die vang of vervoer van ooskuskreef nie;
- (f) ooskuskreef by wyse van duik vang, probeer vang of versteur nie: Met dien verstande dat sodanige kreef vir eie gebruik by wyse van duik van die strand alleen, sonder die gebruik van enige kunsmatige asemhalingsapparaat, behalwe 'n snorkel, gevang mag word.

OOSKUSKREEF: VANGS VIR EIE GEBRUIK**70.** Niemand mag vir eie gebruik, behalwe kragtens 'n permit uitgereik deur die direkteur-generaal—

- (a) meer as vyf ooskuskreef vang, behou, beheer of besit op enige gegewe tydperk nie;
- (b) ooskuskreef met behulp van enige kreeffuik of soortgelyke instrument vang, probeer vang of versteur nie;
- (c) ooskuskreef met behulp van enige vissersboot of vaartuig vang, probeer vang of versteur nie.

OOSKUS- EN OOSTELIKE DIEPWATERKREEF: KOMMERSIEEL

71. (1) Niemand mag, behalwe kragtens 'n permit deur die direkteur-generaal uitgereik en na die betaling van die gelde soos bepaal deur die Minister, enige ooskuskreef verkoop of te koop aanbied nie: Met dien verstande dat die bepalinge van hierdie regulasie nie van toepassing is nie binne die landdrostdistrikte Peddie, Mdantsane, Kentani, Willowvale, Elliotdale, Mqanduli, Ngqeleni, Port St Johns, Lusikisiki en Bizana waar sulke verkoping of vir verkoop aanbieding nie aan of deur 'n fabriek is nie.

(2) Behalwe kragtens 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik is, mag die gesagvoerder van 'n vissersboot of vaartuig, geen net of fukse wat vir die vang van ooskuskreef gebruik mag word, hou of aan boord toelaat nie op sodanige vissersboot of vaartuig in die gebied oos van 'n lyn (139° ware peiling) getrek vanaf die monding van die Groot Keirivier in die tydperk waartydens die vang van sodanige kreef ingevolge die Wet verbied word.

72. Niemand mag, behalwe kragtens 'n permit deur die direkteur-generaal uitgereik en na betaling van die gelde soos bepaal deur die Minister, vir kommersiële doeleindes oorskuskeef of oostelike diepwaterkeef—

- (a) met behulp van 'n vissersboot of vaartuig vang, probeer vang of versteur nie; of
- (b) vang, probeer vang of versteur met behulp van enige kreeffuik of soortgelyke vistuig nie.

GEBIEDSBEPERKINGS: ALGEMEEN

73. (1) Behalwe op gesag van 'n permit wat deur die direkteur-generaal uitgereik mag word, mag niemand op enige wyse vir watter doel ookal, binne 'n afstand van drie seemyl seewaarts gemeet vanaf die laagwatermerk enige vis vang, probeer vang of versteur nie—

- (a) in die gebied tussen, as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 145°) getrek vanaf Nahoonpunt, en as noordelike grens, 'n soortgelyke lyn getrek vanaf die suidelike wal van Gonubiepunt;
- (b) in die gebied tussen, as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 145°) getrek vanaf Christmasrots, en as noordelike grens, 'n soortgelyke lyn getrek vanaf die monding van die Gxulurivier; en
- (c) in die gebied tussen, as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 145°) getrek vanaf die monding van die Nyararivier, en as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 139°) getrek vanaf die monding van die Groot Keirivier:

Met dien verstande dat die bepalings van hierdie subregulasie nie op enige persoon wat vanaf die strand met 'n stok en lyn visvang of op enige persoon wat ander mariene organismes vir aas of menslike verbruik versamel, of op enige pylgeweevissers wat van die wal duik, van toepassing is nie.

(2) Niemand mag enige net, netwerk of langlyn in die gebied binne Saldanhabaai binne 'n reguit lyn getrek deur bakens wat onderskeidelik N.H.1 en N.H.2 gemerk en op die punt bekend as "North Head" geleë is, en 'n baken wat as S.H.1 gemerk en op die punt bekend as "South Head" geleë is, gebruik nie: Met dien verstande dat die gebruik van strandtrekseëns en dryfnette in die gebied ten noorde van die noordelike grens van die Weskus Nasionale Park tot by die suidelike grens van die Saldanhabaai Portnet-hawejurisdiksiegebied soos aangedui op die seekaart SAN 1010 deur die direkteur-generaal gemagtig mag word.

(3) Niemand mag sonder die skriftelike magtiging van die direkteur-generaal binne 'n afstand van 12 seemyl seewaarts gemeet vanaf die laagwatermerk in die gebied begrens deur 'n reguit lyn (ware peiling 180°) getrek vanaf die vuurtoring te Kaap Hangklip en 'n soortgelyke lyn (ware peiling 180°) getrek vanaf die vuurtoring te Kaap St Blaize enige haai deur middel van enige soort net vang, probeer vang of versteur nie.

(4) Niemand mag in Valsbaai, in die gebied begrens deur 'n reguit lyn getrek vanaf die vuurtoring by Kaap Hangklip tot by die vuurtoring by Kaappunt, enige stel-, span- of dryfnet of enige bodemtreil-, midwatertreilnet of enige beursseën of beursnet of enige tipe langlyn of enige tipe kreeffuik gebruik nie: Met dien verstande dat die verbod op die gebruik van kreeffuik binne Valsbaai nie van toepassing is nie op kreefbote wat deur die direkteur-generaal by wyse van 'n permit gemagtig is om keef binne die gebied te vang.

(5) Niemand mag binne Harderbaai te Onrusrivier, in die gebied tussen die laagwatermerk en 'n reguit lyn getrek tussen bakens gemerk O.R.1 (geleë by Van der Riet Hoek) en 'n baken gemerk O.R.2 (geleë by Marine Drive Punt), enige vis vang, probeer vang, versteur of in besit daarvan wees nie: Met dien verstande dat hierdie verbod nie op enige persoon wat vis met 'n stok en lyn van die wal af vang, van toepassing is nie.

74. Behalwe op gesag van 'n permit deur die direkteur-generaal uitgereik, mag niemand op enige wyse of vir watter doel ookal enige vis in die gebiede hieronder omskryf, vang, probeer vang of versteur nie of enige waterplant verwyder of probeer verwyder nie:

- (a) Die gebied vanaf die hoogwatermerk tot 10 meter seewaarts gemeet vanaf die laagwatermerk tussen, as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 270°) getrek vanaf die grensdraad van die Kaap die Goeie Hoop Natuurreservaat te Schusterbaai, Scarborough, en as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 180°) getrek vanaf die vuurtoring te Kaappunt: Met dien verstande dat 'n permithouer ingevolge die Wet, hoogstens vier krewes vir eie gebruik vanaf die strand in die gebied tussen die Hoek van Bobbejaan en die vuurtoring te Kaappunt mag vang;
- (b) die gebied vanaf die hoogwatermerk tot 500 meter seewaarts, gemeet vanaf die laagwatermerk tussen, as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 090°) getrek vanaf "Jager's Walk" geleë ten suide van Vishoekstrand en, as suidelike grens, 'n soortgelyke lyn getrek vanaf die noordelike grens van Glencairnstrand, ook bekend as "Elsebaai": Met dien verstande dat hierdie bepaling nie op enige persoon wat van die strand vis vang of probeer vang met behulp van 'n stok en lyn of op die versameling van uitgespoelde rooi-aas in hierdie gebied van toepassing is nie.
- (c) die gebied vanaf die hoogwatermerk tot 500 meter seewaarts, gemeet vanaf die laagwatermerk tussen, as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 090°) getrek vanaf "Neptune's Corner", geleë regoor Muizenbergstasie en, as suidelike grens, 'n soortgelyke lyn getrek vanaf die noordelike muur van die getypoel geleë teenoor St James-stasie: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie op enige persoon wat van die strand vis vang of probeer vang met behulp van 'n stok en lyn of op die versameling van uitgespoelde rooi-aas in hierdie gebied van toepassing is nie;
- (d) die gebied vanaf die hoogwatermerk tot 500 meter seewaarts, gemeet vanaf die laagwatermerk tussen, as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 090°) getrek vanaf die noordelike muur van die getypoel geleë teenoor St James-stasie en, as suidelike grens 'n soortgelyke lyn getrek vanaf die noordelike muur van die getypoel, geleë teenoor Kalkbaai-stasie: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie op die versameling van uitgespoelde rooi-aas in hierdie gebied van toepassing is nie;
- (e) die gebied vanaf die hoogwatermerk tot 500 meter seewaarts, gemeet vanaf die laagwatermerk, met as noordelike grens, 'n lyn (ware peiling 225°) getrek vanaf die veiligheidsomheining langs die Lourensrivier, Strand, en as suidelike grens, 'n lyn (ware peiling 320°) getrek vanaf die navigasielig op die punt van die suidelike golfbreker van die vissershawe te Gordonsbaai: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie op enige persoon wat van die strand vis vang of probeer vang met behulp van 'n stok en lyn of op die versameling van uitgespoelde rooi-aas in hierdie gebied van toepassing is nie;

- (f) die gebied (bekend as die Mudgepunt Mariene Bewaringsgebied) gemeet vanaf die hoogwatermerk tot 100 m seewaarts met as westelike grens, die westelike grens van die Hawston-hawe en as oostelike grens, die oostelike grens van die Frans Senekal Wildreservaat: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie op enige persoon wat van die strand vis vang of probeer vang met behulp van 'n stok en lyn, die vang van perlemoen en kreef kragtens 'n permit, die versameling van uitgespoelde rooi-aas of op die versameling van seewier kragtens 'n permit, in hierdie gebied van toepassing is nie;
- (g) die gebied gemeet vanaf die hoogwatermerk tot 500 meter seewaarts, tussen as oostelike grens 'n lyn (ware peiling 180°) getrek vanaf die baken gemerk HR1 geleë te Kraal Rock in Walkerbaai en as westelike grens 'n soortgelyke lyn getrek vanaf die baken gemerk HR2 geleë te Rietfontein, Hermanus: Met dien verstande dat hierdie bepaling nie op enige persoon wat van die strand vis vang of probeer vang met behulp van 'n stok en lyn, van toepassing is nie.

VISSERSHAWEREGULASIES

Navigasie, binnekoms en akkommodasie in vissershawens

75. (1) Geen vaartuig mag in 'n vissershawes gebring word, te water gelaat, lê, daarin gebruik word of op enige ander wyse geakkommodeer word sonder die toestemming van 'n visserybeheerbeampte en op die voorwaardes wat hy mag bepaal en sonder die betaling van die gelde soos betpaal deur die Minister nie: Met dien verstande dat—

- (a) 'n visserybeheerbeampte toestemming kan weier in die belang van veilige, ordelike en doeltreffende hawebestuur en -beheer;
- (b) die bepalings van hierdie regulasie nie van toepassing is nie op 'n vissersboot wat onder beheer van 'n visserybeheerbeampte besig is omsy vangs af te laai of voorrade, of brandstof aan boord te neem;
- (c) die bepalings van hierdie regulasie nie van toepassing is nie op 'n vaartuig wat op Staatsgrond wat deur enige private persoon, firma of maatskappy gehuur word, gelaat of geplaas is; en
- (d) geen gelde betaalbaar is ten opsigte van enige vaartuig in diens van 'n regeringsinstansie nie.

(2) Niemand mag 'n vaartuig binne 'n vissershawes as 'n restaurant, vermaaklikheidsplek of winkel gebruik, sonder die skriftelike toestemming van die visserybeheerbeampte in bevel van die betrokke vissershawes en dienooreenkomstig die voorwaardes wat hy mag bepaal nie, en sonder betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal.

76. Geen eienaar van 'n vaartuig mag sodanige vaartuig binne 'n vissershawes gebruik, laat gebruik of toelaat dat die gebruik word nie, tensy dit voldoende beman is en 'n gesagvoerder aan boord het om dit behoorlik te beheer ten te navigeer.

77. Die gesagvoerder van 'n vaartuig wat binne 'n geproklameerde vissershawes is, is te alle tye verantwoordelik vir die veiligheid daarvan.

78. Die gesagvoerder van 'n vaartuig moet, terwyl dit binne 'n vissershawes is, in beheer van sodanige vaartuig bly totdat dit vasgemeer is.

79. Die gesagvoerder van enige vaartuig wat 'n ander vissershawes as sy tuishawes binne-vaar, moet onverwyld na sy aankoms in die ander vissershawes 'n visserybeheerbeampte in kennis stel van die tyd en datum van sy aankoms en die besonderhede van sy vaartuig wat die visserybeheerbeampte mag vereis, verstrek.

80. Die gesagvoerder van enige vaartuig wat op die punt staan om enige vissershawe binne te vaar, of reeds die hawe binne gevaar het moet enige opdrag van 'n visserybeheerbeampte of ander gemagtigde persoon nakom.

81. Tussen sonsondergang en sonsopkoms moet 'n vaartuig in 'n vissershawe die ligte vertoon wat voorgeskryf word in die Botsing- en Noodseineregulasies, 1977, afgekondig ingevolge Goewermentskennisgewing No. R. 1111 van 1 Julie 1977: Met dien verstande dat 'n visserybeheerbeampte 'n vaartuig van hierdie regulasies mag vrystel terwyl dit geanker, vasgemeer of beveilig is op 'n plek wat hy daaraan toegewys het.

82. Niemand mag enige net of vaartuig binne 'n vissershawe of binne 'n afstand van 150 m seewaarts vanaf die ingang van 'n vissershawe, sonder die skriftelike toestemming van 'n visserybeheerbeampte vir visvang gebruik nie.

83. Behoudens die bepalinge van die Handelskeepvaartwet, 1951 (Wet No. 57 van 1951), kan 'n visserybeheerbeampte—

- (a) die maatreëls tref wat hy nodig ag om 'n vaartuig te verbied om uit 'n vissershawe te vertrek indien dit oorlaai, onbehoorlik gelaai, nie voldoende bevoegde bemanningslede het nie of onseewaardig is; en
- (b) sodanige vaartuig by skriftelike lasgewing aanhou tot tyd en wyl sodanige gebrek tot sy tevredenheid herstel is.

84. Die eienaar of gesagvoerder van enige vaartuig wat in 'n ongeluk van enige aard binne die hawegebied betrokke is, moet sodanige ongeluk onverwyld aan 'n visserybeheerbeampte rapporteer en hom binne 24 uur na die ongeluk van 'n volledige skriftelike verslag daaromtrent voorsien, hetsy skade aan die Staat se eiendom berokke is al dan nie.

85. Geen persoon mag op 'n roekelose of nalatige wyse of terwyl hy onder die invloed van sterk drank of 'n narkotiese middel is, 'n vaartuig binne 'n vissershawe navigeer nie.

Vasmeer van vissersbote en vaartuie

86. 'n Visserybeheerbeampte wys die plek aan waar 'n vaartuig in 'n vissershawe moet vasmeer en kan sodanige aanwysings wysig of intrek.

87. Geen vaartuig mag in 'n vissershawe aan enige navigasiehulpmiddel vasgemaak word nie en die gesagvoerder van 'n vaartuig wat 'n navigasiehulpmiddel versper of verskuif, moet die versperring of verskuiwing onverwyld aan 'n visserybeheerbeampte rapporteer en hom binne 24 uur na die versperring of verskuiwing van 'n volledige skriftelike verslag daaromtrent voorsien.

88. Die gesagvoerder van 'n vaartuig wat om 'n rede buite sy beheer in 'n vissershawe vasgemeer word by 'n aanlê- of ander plek wat nie deur 'n visserybeheerbeampte toegewys is nie, moet 'n visserybeheerbeampte onverwyld daaraan in kennis stel en die visserybeheerbeampte kan daarna die stappe doen wat hy in die belang van veilige, ordelike en doeltreffende hawebestuur en -beheer nodig ag.

89. (1) Geen vaartuig mag sonder die toestemming van 'n visserybeheerbeampte in 'n vaargeul binne 'n vissershawe geanker of vasgemeer word nie.

(2) Niemand mag—

- (a) 'n vaartuig in 'n vissershawe binne die aanliggende watergebied van 'n sleep-helling anker, vasmeer of plaas nie; en
- (b) 'n ketting, anker of ander versperring in sodanige watergebied plaas nie.

90. Die eienaar of gesagvoerder van 'n vaartuig wat sodanige vaartuig in 'n vissershawe op so 'n wyse anker, vasmeer en aanlê dat dit ongerief of gevaar veroorsaak, moet onverwyld aan 'n opdrag van 'n visserybeheerbeampte voldoen ten einde sodanige vaartuig te beveilig of te verwyder.

91. Indien enige vaartuig in 'n vissershawe vol water geloop het, moet die eienaar op las van 'n visserybeheerbeampte die nodige herstelwerk aan sodanige vaartuig doen of sonder versuim sodanige vaartuig uit die water verwyder.

92. Die eienaar van 'n vaartuig wat in 'n vissershawe gesink het, moet die nodige bergings- of herstelwerk doen of sodanige vaartuig onverwyld uit die hawe verwyder.

93. 'n Visserybeheerbeampte kan die eienaar van 'n vaartuig wat in 'n vissershawe vasgemeer of geanker is, gelas om die vasmeertoerusting van sodanige vaartuig te laat optrek vir ondersoek, en om die herstelwerk aan of vervanging van sodanige vasmeertoerusting wat hy nodig ag, binne 10 dae uit te voer. Met dien verstande dat die visserybeheerbeampte die eienaar van sodanige vaartuig minstens 72 uur kennis moet gee van sy voorneme om die vasmeertoerusting te ondersoek.

94. (1) Die eienaar of gesagvoerder van 'n vaartuig waaraan 'n anker of vasmeerplek vir ontskeping of bevoorrading in 'n vissershawe toegewys is, moet toesien dat die vaartuig die kaai verlaat sodra sy vangs geland is of voorrade, brandstof, toerusting of bemanning aan boord geneem is.

(2) Indien die eienaar of gesagvoerder van 'n vaartuig in gebreke bly om aan die bapalings in subregulasie (1) te voldoen, is die toepaslike gelde soos deur die Minister bepaal, betaalbaar.

95. 'n Vaartuig word toegelaat om in 'n vissershawe vas te meer op voorwaarde dat—

- (a) die eienaar of gesagvoerder van die vaartuig verantwoordelik is vir die veilige vasmaak en beskerming daarvan en hom daarvan vergewis dat die aanlêplek, kaai, stampkussings, vasmeertoue, kettings en ander toerusting in so 'n toestand is dat die vaartuig gedurende ongunstige weersomstandighede met veiligheid daar kan aanlê;
- (b) die vaartuig op die eienaar se risiko in 'n vissershawe geakkommodeer word en 'n visserybeheerbeampte hom die reg voorbehou om twee of meer vaartuie langs mekaar te laat vasmeer;
- (c) waar twee of meer vaartuie langs mekaar vasgemeer word, die onderskeie eienaars of gesagvoerders verantwoordelik is vir die aanbring van voldoende stampkussings tussen sodanige vaartuie;
- (d) die eienaar of gesagvoerder van die vaartuig moet toelaat dat 'n ander vaartuig langsaan vasgemaak of losgemaak word;
- (e) indien die vaartuig geneem word uit 'n groep vaartuie wat langs mekaar vasgemaak is, die eienaar of gesagvoerder van sodanige vaartuig moet toesien dat die vasmeertoue van die oorblywende vaartuie behoorlik vasgemaak is en dat die stampkussings behoorlik in posisie is om skade aan vaartuie te voorkom;
- (f) die eienaar of gesagvoerder van die vaartuig op las van 'n visserybeheerbeampte vir die tydperk wat hy aandui moet verwyder wanneer dit nodig is om dieptepeilings, baggerwerk of herstelwerk aan 'n kraai of stampkussings uit te voer, of wanneer dit nodig of wenslik is om kaaie of gedeeltes van kaaie te ontruim; en

- (g) die eienaar of gesagvoerder van die vaartuig op las van 'n visserybeheerbeampte die vaartuig moet verskuif of laat verskuif vanaf die plek waar dit vasgemeer is na 'n ander plek deur die visserybeheerbeampte aangewys.

Plasing van voorwerpe en storting van materiaal in vissershawens

96. Niemand mag enige voorwerp sonder die skriftelike toestemming van 'n visserybeheerbeampte op 'n kaai, hawehoof of elders in 'n visserhawe plaas nie.

Gesondheid, aanstootlike vragte, brand

97. 'n Visserybeheerbeampte kan gelas dat 'n vaartuig uit 'n vissershawe verwyder word indien die vrag of ander goedere aan boord volgens die visserybeheerbeampte 'n gesondheidsgevaar is of 'n bedreiging vir lewe of eiendom inhou of aanstootlik is.

98. Die eienaar of gesagvoerder van 'n vaartuig—

- (a) moet die nodige voorsorgmaatreëls tref om te voorkom dat die vaartuig vonke of oormatige rook of dampe afgee; en
- (b) mag die vaartuig nie in 'n visserhawe gebruik nie tensy dit oor 'n doeltreffende knaldemper of geluiddemper beskik.

Herstelwerk

99. Geen duiker mag sonder die skriftelike toestemming van 'n visserybeheerbeampte in 'n vissershawe duikwerk verrig ten einde herstelwerk aan 'n vaartuig in die visserhawe te doen nie.

100. (1) Voordat 'n vaartuig op 'n sleepstelling in 'n vissershawe toegelaat word, moet die eienaar of gesagvoerder van die vaartuig volledige besonderhede van so 'n vaartuig aan 'n visserybeheerbeampte verskaf wat dit by betaling van die gelde soos bepaal deur die Minister, moet aanteken in 'n boek wat deur sodanige beampte vir die doel beskikbaar gehou word, in die volgorde waarin die besonderhede van elke sodanige vaartuig verstrek word.

(2) Indien 'n vaartuig weens versuim van die eienaar of gesagvoerder nie op die vasgestelde dag op 'n sleepstelling geplaas word nie en die sleepstelling vir ander vaartuie benodig word, verbeur sodanige vaartuig sy beurt soos aangetoon in die register, soos vermeld in subregulasie (1), wat deur sodanige visserybeheerbeampte bygehou word.

(3) Ondanks enige andersluidende bepalings in hierdie Regulasies kan 'n visserybeheerbeampte met betrekking tot die besetting van 'n sleepstelling, voorkeur gee aan 'n vaartuig wat beskadig is of lek, of aan 'n vaartuig wat die sleepstelling hoogstens 72 uur sal beset.

(4) Behoudens subregulasie (6) moet vaartuie wat gelyktydig op 'n sleepstelling is, op die sleepstelling bly totdat al die vaartuie gereed is om van die sleepstelling afgelaat te word: Met dien verstande dat die eienaar of gesagvoerder van enige van sodanige vaartuie wat die vereiste kennis ingevolge subregulasie (7) gegee het, nie aanspreeklik is nie vir die betaling van enige gelde vir die tydperk wat sy vaartuig na die verstryking van die tydperk van kennisgewing op die heiling moet bly.

(5) 'n Sleepstelling word gebruik vir die tydperk en onderworpe aan die voorwaardes wat 'n visserybeheerbeampte mag bepaal.

(6) Ondanks die bepaling van subregulasie (4) kan 'n visserybeheerbeampte die eienaar of gesagvoerder van 'n vaartuig gelas om 'n vaartuig binne 24 uur na die lasgewing van die sleepstelling af te laat indien die visserybeheerbeampte van oordeel is dat die vaartuig afgelaat kan word sonder om enige ander vaartuig in gevaar te stel.

(7) Die eienaar of gesagvoerder wat van 'n sleepstelling gebruik maak, moet 'n vissery-beheerbeampte 24 uur skriftelik kennis gee dat sy vaartuig gereed is om van die sleepstelling afgelaat te word.

(8) Niemand mag die stutte waarop 'n vaartuig rus terwyl dit op 'n sleepstelling is, verwyder of verskuif nie behalwe op las van 'n visserybeheerbeampte.

101. Niemand mag enige hyskraan, waterpomp, leer, bokkie, steierplank of elektriese krag wat deur die Staat in 'n vissershawe verskaf word, gebruik nie, behalwe kragtens 'n permit deur 'n visserybeheerbeampte uitgereik en teen betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal.

102. Niemand mag 'n vaartuig laat strand of oorhel, of op 'n vloedstrand, 'n vlak plek, 'n sandbank of 'n ander bank binne 'n vissershawe laat oplê vir skoonmaak-, herstel- of ander doeleindes nie, behalwe met die toestemming van 'n visserybeheerbeampte en onderworpe aan die voorwaardes deur hom bepaal.

103. Niemand mag 'n wrak, romp of vaartuig in 'n vissershawe sloop nie, behalwe met die toestemming van 'n visserybeheerbeampte.

Toegang tot hawe

104. Niemand mag met 'n vaartuig 'n vissershawe binnegaan behalwe deur die hawe-ingang nie, of die visershawe verlaat behalwe deur die hawe-uitgang nie.

105. Enige persoon of werknemer in of op eiendom van die Staat in 'n vissershawe, moet die bevele van 'n visserybeheerbeampte gehoorsaam.

106. Niemand mag binne 'n vissershawe—

- (a) in 'n toestand van dronkenskap verkeer of hom op 'n geweldadige of afstootlike wyse gedra nie;
- (b) 'n handeling verrig waardeur 'n persoon beseer of eiendom beskadig kan word nie;
- (c) enige eiendom ontsier nie;
- (d) 'n kennisgewingsbord of dokument op 'n kennisgewingsbord, verwyder of ontsier nie;
- (e) die vrye gebruik van 'n kaai, hawehoof of vloedstrand, of die toegange daartoe, belemmer of iets doen wat dit moontlik kan belemmer nie;
- (f) swem of baai nie, behalwe op plekke wat vir daardie doel aangewys is; en
- (g) sonder die skriftelike goedkeuring van 'n visserybeheerbeampte duik nie.

107. Niemand mag—

- (a) in 'n vissershawe smous nie, behalwe kragtens 'n permit deur 'n visserybeheerbeampte uitgereik en teen betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal;
- (b) 'n advertensie, kennisgewing, plakkaat of teken op eiendom wat onder beheer van die Staat is, aanbring of vertoon of laat aanbring of vertoon, behalwe kragtens 'n permit deur die visserybeheerbeampte uitgereik en teen betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal;

- (c) enige literatuur binne 'n vissershawe versprei of laat versprei nie sonder toestemming van 'n visserybeheerbeampte;
- (d) enige oop terrein, of 'n terrein in 'n visskoonmaaksuur binne 'n vissershawe beset of gebruik nie, behalwe kragtens 'n permit deur 'n visserybeheerbeampte uitgereik en teen betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal;
- (e) meer as 5 liter varswater wat in 'n vissershawe verskaf word, per dag gebruik nie, behalwe kragtens 'n permit deur 'n visserybeheerbeampte uitgereik en teen betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal;
- (f) drinkwater wat deur die waterinstallasie by 'n vissershawe verskaf word, mors of toelaat dat dit gemors word nie;
- (g) in 'n vissershawe visvang nie behalwe kragtens 'n permit deur 'n visserybeheerbeampte uitgereik en teen betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal;
- (h) enige vis in 'n vissershawe skoonmaak nie, behalwe kragtens 'n permit deur 'n visserybeheerbeampte uitgereik onder sodanige voorwaardes as wat hy nodig ag en teen betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal;
- (i) enige hond in 'n vissershawe binnebring nie, behalwe met die goedkeuring an die visserybeheerbeampte;
- (j) binne 'n vissershawe vuur maak nie, behalwe met die toestemming van 'n visserybeheerbeampte; en
- (k) enige vaartuig in 'n vissershawe vir die vervoer van passasiers gebruik nie, behalwe kragtens 'n permit deur 'n visserybeheerbeampte uitgereik en teen betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal.

Voertuie

108. Niemand mag 'n voertuig in 'n vissershawe inbring nie, behalwe kragtens 'n permit of toegangkaartjie deur 'n visserybeheerbeampte uitgereik onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat hy mag bepaal en teen betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal en sodanige permit of toegangkaartjie verleen slegs toegang tot die vissershawe waar dit uitgereik is op die datum soos daarin gespesifiseer.

109. Die bestuurder of persoon in beheer van 'n voertuig of 'n dier binne 'n vissershawe, moet alle aanwysings in kennisgewings of tekens wat in so 'n gebied vertoon word, nakom, en alle bevele gehoorsaam in verband met die reëling en beheer van verkeer wat 'n visserybeheerbeampte aan hom gee.

Visserij-opgawes

110. (1) Die houer van 'n permit uitgereik ingevolge hierdie Regulasies moet op of voor die laaste dag van elke maand 'n opgawe wat die inligting bevat soos vereis in sodanige permit in die vereiste formaat aan die Hoofdirekteur: Seevisserij, Privaatsak X2, Roggebaai, 8012, of enige persoon vir die doel deur die direkteur-generaal aangewys, voorlê.

(2) 'n Nul opgawe moet in die vereiste formaat voorgelê word ten opsigte van enige maand waartydens die houer van die permit nie enige aktiwiteit ten opsigte waarvan vereis word dat inligting soos in subregulasie (1) bedoel, verskaf word, onderneem het nie.

(3) Die permithouer moet die opgawe bedoel in subregulasies (1) en (2), dateer en die inligting daarin vervat as korrek verklaar.

PERMITTE EN LISENSIES: ALGEMEEN

111. (1) Enige lisensie en/of permit kragtens die Wet uitgereik, of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, moet te alle tye beskikbaar gehou word deur die houer daarvan en moet sonder verwyd op aanvraag aan 'n visserybeheerbeampte of 'n gemagtigde beampte getoon word.

(2) Die eienaar of gesagvoerder van 'n vissersboot moet verseker dat die lisensie en permit wat uitgereik is aan die eienaar, of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan, te alle tye beskikbaar is op sodanige vissersboot en sodanige lisensie en permit moet op aanvraag getoon word aan enige bevoegde wetstoepassingsbeampte.

112. Die bepalings van regulasie 111 sal *mutatis mutandis* van toepassing wees op enige persoon wat 'n lisensie en/of permit benut.

113. Indien 'n lisensie en/of permit verlore raak, kan 'n duplikaat verkry word teen betaling van die gelde soos deur die Minister bepaal.

114. Geen aansoek om die hernuwing van 'n permit sal na meer as ses maande na die vervaldatum daarvan deur die direkteur-generaal oorweeg word nie.

APPÊL

115. (1) 'n Appêl deur enige persoon ingevolge artikel 40 van die Wet moet skriftelik deur hom aan die Minister gerig word binne 60 dae nadat hy in kennis gestel is van die besluit van die direkteur-generaal.

(2) 'n Appêl deur enige persoon ingevolge artikel 44 van die Wet moet skriftelik deur hom aan die Minister of die direkteur-generaal, na gelang van die geval, gerig word binne 60 dae nadat hy in kennis gestel is van die besluit waarteen geappeleer word.

(3) Die appêl moet 'n uiteensetting bevat van alle tersaaklike feite asook gronde van appêl en moet vergesel wees van enige tersaaklike dokumente, of 'n gewaarmerkte afskrif daarvan.

TOEPASSING VAN REGULASIES

116. Die bepalings van hierdie Regulasies is nie van toepassing nie op vis wat in riviermonding, getyriewer, getystrandmeer, blinde riviermonding, of hawe in die gebied tussen die mondings van die Oranje- en Groot-Visrivier en tussen die mondings van die Chalumna- en Groot Keiriviere, gevind word.

MISDRYWE EN STRAWWE

117. Enige persoon wat 'n bepaling van hierdie Regulasies oortree of versuim om daaraan te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R50 000 of met gevangenisstraf van 'n tydperk van hoogstens ses jaar of met beide sodanige boete en sodanige gevangenisstraf.

AANSOEKVORM: KWOTA

118. Bylae A sal van toepassing wees ten opsigte van 'n aansoek om 'n kwota.

HERROEPING VAN GOEWERMENTSKENNISGEWINGS

119. Die Goewermentskennisgewings in Bylae B vermeld, word hierby herroep.

Bylae A**Aansoekvorm ten opsigte van 'n aansoek om 'n kwota****Bylae B****Goewermenskennisgewings herroep**

No. R. 2934 van 23 Oktober 1992.

No. R. 3248 van 27 November 1992.

No. 129 van 9 Desember 1992 van die voormalige Transkei insoverre dit betrekking het op vis en plante wat in die see voorkom.

No. R. 5 van 8 Januarie 1993.

No. R. 1052 van 18 Junie 1993.

No. 59 van 23 Julie 1993 van die voormalige Transkei insoverre dit betrekking het op vis en plante wat in die see voorkom.

No. R. 2003 van 15 Oktober 1993.

No. R. 2228 van 17 November 1993.

No. R. 2556 van 31 Desember 1993.

No. R. 656 van 8 April 1994.

No. R. 1371 van 12 Augustus 1994.

No. R. 486 van 31 Maart 1995.

No. R. 987 van 30 Junie 1995.

No. R. 1073 van 21 Julie 1995.

No. R. 1371 van 23 Augustus 1996.

No. R. 604 van 25 April 1997.

No. R. 1291 van 3 Oktober 1997.

No. R. 1402 van 24 Oktober 1997.

Bylae A • Schedule A

BLS

**DEPARTEMENT VAN OMGEWINGSAKE
EN TOERISME****HOOFDIREKTORAAT: SEEVISSERYE**
Wet op Seevisserij, 1988 (Wet No. 12 van 1988)**DEPARTMENT OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND
TOURISM****CHIEF DIRECTORATE: SEA FISHERIES**
Sea Fishery Act, 1988 (Act No. 12 of 1988)**AANSOEK OM 'N KWOTA • APPLICATION FOR A QUOTA**

[Ingevolge artikel 18 (1) (b)] • [In terms of section 18 (1) (b)]

1. Van en voorletters of naam van besigheid (GEEN HANDELSNAME): Surname and initials or name of business (NO TRADE NAMES):											
2. ID- of Registrasienommer: ID or Registration number:											
3. Posadres: Postal address:											
Tel: Tel:	Poskode: Postal code:										
4. Vir watter sektor in die visbedryf word aansoek gedoen? For which sector in the fishing industry is application being made?											
(Een vorm per sektor/One form per sector)											
5. Vir watter spesie(s) in die visbedryf word aansoek gedoen? For which species in the fishing industry is application being made?											
Spesie Species Spesie Species	<table border="1" style="width: 100%; border-collapse: collapse;"> <tr> <th colspan="2" style="text-align: left; padding: 2px;">KANTOORGEBRUIK • OFFICE USE</th> </tr> <tr> <td style="padding: 2px;">Massa</td> <td style="text-align: right; padding: 2px;">ton</td> </tr> <tr> <td style="padding: 2px;">Mass</td> <td style="text-align: right; padding: 2px;">tonnes</td> </tr> <tr> <td style="padding: 2px;">Massa</td> <td style="text-align: right; padding: 2px;">ton</td> </tr> <tr> <td style="padding: 2px;">Mass</td> <td style="text-align: right; padding: 2px;">tonnes</td> </tr> </table>	KANTOORGEBRUIK • OFFICE USE		Massa	ton	Mass	tonnes	Massa	ton	Mass	tonnes
KANTOORGEBRUIK • OFFICE USE											
Massa	ton										
Mass	tonnes										
Massa	ton										
Mass	tonnes										
6. Wat was u kwota vir die vorige jaar/seisoen? What was your quota for the previous year/season?											
Spesie Species Spesie Species	Massa										
	ton										
	Mass										
	tonnes										
	Massa										
	ton										
	Mass										
	tonnes										
7. Wat was die werklike vangs vir die vorige jaar/seisoen? What was your actual catch in the previous year/season?											
Spesie Species Spesie Species	Massa										
	ton										
	Mass										
	tonnes										
	Massa										
	ton										
	Mass										
	tonnes										

Handtekening van Aansoeker/Signature of Applicant

Datum/Date

Nota: Die voltooië vorm moet geadresseer word aan—Die Sekretaris van die Kwotaraad, Privaatsak X2, Roggebaai, 8012.
Note: The completed form must be addressed to—The Secretary of the Quota Board, Private Bag X2, Roggebaai, 8012.

*Looking for back copies and out of print issues of
the Government Gazette and Provincial Gazettes?*

The State Library has them!

Let us make your day with the information you need ...


The State Library Reference and Information Service

PO Box 397

0001 PRETORIA

Tel./Fax (012) 321-8931

E-mail: infodesk@statelib.pwv.gov.za



*Soek u ou kopieë en uit druk uitgawes van die
Staatskoerant en Provinsiale Koerante?*

Die Staatsbiblioteek het hulle!

Met ons hoef u nie te sukkel om inligting te bekom nie ...

Die Staatsbiblioteek Naslaan- en Inligtingdiens




Posbus 397

0001 PRETORIA





Tel./Faks (012) 321-8931

E-pos: infodesk@statelib.pwv.gov.za

SA WEATHER BUREAU SA WEERBURO






**W
E
A
T
H
E
R
·
S
E
R
V
I
C
E
S
·
W
E
E
R
D
I
E
N
S
T
E**



DEPT. OF ENVIRONMENTAL AFFAIRS AND TOURISM · DEPT. VAN OMGEWINGSAKE EN TOERISME

Where is the largest amount of meteorological information in the whole of South Africa available?



Waar is die meeste weerkundige inligting in die hele Suid-Afrika beskikbaar?

Department of Environmental Affairs and Tourism
Departement van Omgewingsake en Toerisme

CONTENTS

No.		Page No.	Gazette No.
	GOVERNMENT NOTICE		
	Environmental Affairs and Tourism, Department of		
	<i>Government Notice</i>		
R. 1343	Sea Fishery Act (12/1988): Regulations	1	18357

INHOUD

No.		Bladsy No.	Koerant No.
	GOEWERMENSKENNISGEWING		
	Omgewingsake en Toerisme, Departement van		
	<i>Goewermenskennisgewing</i>		
R. 1343	Wet op Seevisserij (12/1988): Regulasies	47	18357